




UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

MATIELAND





Anna Basson

H/v Pleinstraat & Andringastraat

Tel: (021) 887-4740

KAAP HOLLANDSE PRAGPLAAS R3,2 miljoen



- ◆ Ten volle gerestoureerde hoofwoning
- ◆ Gastehuis met swembad-onthaalarea
- ◆ Jonkershuis
- ◆ Waenhuis
- ◆ Buitegeboue
- ◆ Pragtige ligging
- ◆ Alle wingerd jonk en onder besproeiing
- ◆ Fantastiese roostuin

Schalk van der Merwe August Basson

WOONHUIS IN STELLENBOSCH VIR R130 000

- ◆ Planne word aangepas by u behoeftes
- ◆ BTW ingesluit
- ◆ Tuin en mure ingesluit
- ◆ ± 100 % verband
- ◆ Pragtige landelike atmosfeer
- ◆ Herverkope het reeds 25 % styging getoon
- ◆ 65 huise reeds gebou en verkoop
- ◆ Eie titel

Lindy Mari Hermine Gretel Marlene

Kantoor 021-8874740

MATIELAND


J A A R G A N G 3 8 1 1 9 9 4

I N H O U D


Redaksioneel	2
Fokus op	3
Afrika-akademici bespreek samewerking	4
17 van 24 topmatrieks kies US	4
Ingenieursfakulteit word 50	5
Dosent wen beurs van R60 000	6
US kry al Langenhoven se eerste drukke	7
Fog can provide water in dry areas	7
Nederlandse Oud-Maties in Swede vereer	8
R12,35 miljoen vir Stellenbosch 2000 in 1993	8
US sê dankie vir 31 se R30 miljoen	9
US-navorsing se 'ouboet' word 50	10
'Prof Mike' met boek gehuldig	11
BEO gasheer vir wêreldkonferensie	11
Prof Rossouw met 2 werke vereer	12
UPE se rektorspaar is Matie-produkte	12
14 Koreans now at Theology	14
Talle gebruik nuwe super-mikroskoop	15
Geologie spog met moderne, klein ontleder ..	15
Scholtz-versameling gerestoureer	16
Apparaat van R1,4 miljoen 1ste in SA	16
US-wingerd wen blokkompetisie	17
Nashua word Matie-rugby se hoofborg	18
Segetoer vir rugbyspan in Brittanje	19
Piet Cillié se 3 miljoen woorde	21
Wêreldrekords vir oudprofessor	21
1993-jaarvergadering van die Konvokasie	22
Oud-Maties word viserektor op Potchefstroom	23
Reünies. Bloemfontein en 1981-LL.B.'s	24
Groenewald word Sr. Direkteur: Navorsing	25
Omar Henry coaches Matie cricket	25
Uskor 30 jaar oud	26
In meinoriam	31



Dankie vir R30 milj. - bl. 9



Koreaanse tokkelokke - bl. 14



30 jaar naastediens - bl. 26

Voorblad: Die oudste fakulteit van ingenieurswese vir Afrikaanssprekendes vier vanjaar sy halfseuefees. Op dié lugfoto is die fakulteit se moderne gebouekompleks agter, met die kenmerkende ouer geboue van die sentrale US-kampus voor. Lees op bl. 5 van Ingenieurswese se ontstaan 50 jaar gelede en sy groei in die afgelope halfseu. (Foto: Antenie Carsiens)

Matieland word drie keer per jaar uitgegee, en word gratis aan oudstudente en donateurs van die US gestuur.

Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X5018, Stellenbosch, 7599.

• (021)808-4633/808-4851. faks (021)808-4499 Adreslys: • (021)808-4634.

Redakteur: Hans Oosthuizen **Ontwerp en uitleg:** Strydom van der Merwe. Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo), US.

Betekenisvolle moontlikhede

Die instelling van die nuwe Afdeling Akademiese Ontwikkelingsaksies hou betekenisvolle toekomsmoontlikhede in.

Enersyds is dit daargestel om programme wat 'n geruime tyd al - meestal los van mekaar - by die Universiteit bestaan het, te koördineer. Andersyds word daar nou nuwe velde verken en ontgin.

'n Belangrike oogmerk van die nuwe afdeling is om beslag te gee aan die natuurlike proses van 'n verruiming van die US se voedingsbasis wat veral in die afgelope dekade en 'n half al hoe meer gegeld het.

In dié opsig gaan die nuwe afdeling op verskillende maniere hulp bewerkstellig vir die toerus van jong mense wat oor die potensiaal vir universiteitstudie beskik maar wat nie die nodige onderwys-agtergrondvoorsiening daarvoor het nie; mense wat deur die ontoereikenheid van hul onderwysvoorbereiding gekwietwiek word.

Die Universiteit is lankal betrokke by programme wat voordele vir die breë samelewning inhoud - byvoorbeeld hulp met die verbetering van die gehalte van hoërskoolonderwys. In dié opsig het Iwwous (die Instituut vir Wiskunde en Wetenskap-

onderwys) baie jare al 'n toenemend belangrike rol vervul. Ook ander US-instansies en personeel het deur middel van hulprogramme en dienslewering toenemend die breë samelewning gedien.

Die Afdeling Akademiese Ontwikkelingsprogramme gaan nie net op dié programme voortbou en dit koördineer en verskerp nie, maar gaan ook 'n hele reeks nuwe inisiatiewe van stapel laat loop.

Dit is goed dat daar na doelgerigte programme gestrewe word - spesifiek vir die Maties en gerig op hul eiesoortige behoeftes en eise.

Hiermee aanvaar die Universiteit sy verantwoordelikheid om sover moontlik - deur doelgerigte en gekoördineerde ontwikkelingsprogramme - konstruktief by te dra om sy studente te help om hul volle akademiese potensiaal te verwesenlik; en om voorname studeinte te help om vir hul studie aan die US toereikend voorbereid te wees.

Sulke spesiale hulpprogramme behoort geensins inbreuk te maak op die uitvoering van die Universiteit se primêre akademiese take van onderrig en navorsing nie. Dit hoef ook nie die US se strewe na die hoogs moontlike akademiese standarde in die gedrang te bring nie. (Lees ook bl 3)

PPS – Want Selfs In 'n Professionele Praktyk Kan Slim Steeds Sy Baas Vang

PPS – Professionele Dekking Vir Beroepslei

Die beste siekte- en ongesiktheidsvoordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groetermynwelwensdekking, uittree-annuïteitplanne en Profmed

- die mediese fonds uitsluitlik vir u geskep.

Alleenlik aan
Gegradueerde Beroeps-
lui beskikbaar.
Spring reg weg...
skakel PPS vandag.



Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika
Posbus 6268,
JOHANNESBURG 2000
Telnr: 29-7863
Faks: 23-0088

Fokus op ...

Dr Ludolph Botha, direkteur van die Afdeling Akademiese Ontwikkelingsprogramme wat aan die begin van die jaar by die Universiteit ingestel is.

genoeg onderwysvoorbereiding het nie - die kans kan kry om hul agterstande uit te wis.

Derdens gaan saamgewerk word met ander skoolse onderwysinstellings wat potensiële Maties vir toelating tot die Universiteit kan voorberei.

Hierby aansluitend gaan daar vierdens, programme aangepak word om die gehalte van skoolonderrig te verbeter - veral waar leemtes uitgewys kan word.

In die vyfde plek word daar beoog om intensiewe taal- en ander hulpkursusse (byvoorbeeld in Afrikaans, Engels, wiskunde of natuur- en skeikunde) uit te bou - wat gebruik kan word om voornemende Maties in die tydperk voor die begin van die akademiese jaar vir hul



Dr Ludolph Botha

inskakeling by die genoemde universiteitsprogramme voor te berei.

Akademiese ontwikkelingsprogramme het deesdae 'n belangrike rol aan Suid-Afrikaanse universiteite, het die Rektor en Visekanselier,

prof Andreas van Wyk, met die instelling van die nuwe afdeling gesê. "Ons wil seker maak dat doelmatige programme tot stand kom - wat met die eiesoortige behoeftes van studente aan die Universiteit van Stellenbosch rekening hou."

Dr Ludolph Botha (43) - wat as eerste direkteur die nuwe afdeling moet vestig en uitbou - het sedert sy aanstelling aan die US in 1988 heelwat te make gehad met sommige van die die akademiese ontwikkelingsprogramme wat reeds aan die

Universiteit ontstaan het. Hy was die afgelope twee jaar direkteur van die Sentrum vir Onderwysontwikkeling wat in die Fakulteit Opvoedkunde gesetel is.

Voor dit was hy as hoofnavorsverbonde aan die destydse Instituut vir Taalonderrig. In 1991 was hy die navors en leier van 'n projek oor die onderwys van swart leerlinge.

Nadat hy in 1968 hoofseun op Nylstroom in die Transvaalse Bosveld was, word hy 'n Matie, studeer ook aan Rhodes en behaal D.Ed. (1986) aan die US. Sedert 1984 het hy drie buitelandse studiebesoeke afgelê - veral in Amerika en Australië - en kongresreferate daar aangebied.

Hy en sy vrou, Suzette (Pretorius), was voorgraadse klasmaats op Stellenbosch. Sy was die Matie-atletiekkapteine en 'n topatleet wat onder meer in 1971 op Coetzenburg die eerste vrouw in Afrika geword het wat die 100m-hekkies in minder as 14 sekondes kon aflê. Hulle het 'n seun (15) en 'n dogter (12).

Die nuwe afdeling gee stukrag aan 'n wye verskeidenheid programme wat in die afgelope jare aan die US ontstaan het of wat nog ontwikkel en uitgebou gaan word. Dit koördineer en vergemaklik alle pogings in dié verband aan die Universiteit.

Akademiese Ontwikkelingsprogramme streef onder meer daarna om die gehalte van hoëskoolonderwys op te knap - byvoorbeeld deur onderwysers wat ondergekwalifiseer is, beter toe te rus.

Die Afdeling is daarop gerig om toegang tot die Universiteit te verbreed. Dit word op 'n vyftal maniere aangepak.

Eerstens gaan daar - naas die initiatiewe wat reeds aan die US bestaan - vakgerigte akademiese ontwikkelingsprogramme vir studente met agterstande ingestel word. Dit kan in die vorm van oorbruggings-, inhalaal- en steunprogramme aangebied word.

Tweedens kan ditoorweeg word om in bepaalde gevalle graadkursusse oor langer as die minimum tydsduur te versprei sodat studente met die potensiaal - maar wat nie

Tweede prys

Dual Kompakteskyfspeler ter waarde van R2 100 van HI-FI SPECIALISTS

Derde prys

Week se verblyf vir vier mense by OATLANDS vakansie-oord

4. Nuweek vir twee by enige PROTEA HOTEL landswyd
5. Giant Bergers geskenk deur VILLAGE CYCLES
6. Nuweek vir twee by FLORABAAL vakansieoord in Houbaai
7. Naarmateen van FRICK NAAIMASJENE ter waarde van R1 700
8. Avontuur op die Oranjerivier saam met RIVER RAFTERS
9. Drukursus ter waarde van R600 van OCEAN DIVERS INTERNATIONAL
10. Nuweek in die Sederberge geskenk deur HORSE TRAIL SAFARIS
11. Bankafslaanbed van CROWN MEUBILEDERS
12. Geskenkbewys VAN SCHAIK BOEKHANDELAARSS ter waarde van R350
13. Stopkaine van A.P. LUBBE & SEUN
14. Geskenkbewys ter waarde van R300 geskenk deur SALES HOUSE
15. Jaarlange intekening op COSMOPOLITAN en luukse skir geskenk deur FRICK NAAIMASJENE
16. Geskenkbewys ter waarde van R200 geskenk deur FRIEDMAN & COHEN
17. R100 kontant geskenk deur BOLAND DRUCKERS
18. Jaarlange intekening op DE KAT en 'n naaldwerkskér van FRICK NAAIMASJENE

OVERSEAS VISITORS CLUB c.c.

230 Long Street Cape Town 8000
8 Hogarth Place Earls Court London

Specialists in Youth and Student travel
In association with Hylton Ross Travel

& UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH KARNAVALKOMITEE bied u

'N DROOMREIS VIR TWEE NA EUROPA
2 RETOER Vliegtuigkaartjies na Europa en 'n
OPWINDENDE 11 DAE TOER

KARNAVALKOMPETISIE 1994

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
donasie R6,00

REËLS:

1. Daar is geen beperking op die aantal inskrywings nie.
2. Die sluitingsdatum is 31 Mei 1994.
3. Die wenner word drie weke na die sluitingsdatum aangevys.
4. Posorders en teks moet uitgemaak word aan die US KARNAVALKOMITEE.
5. Geen korrespondensie sal oor die uitslag gevoer word nie.
6. Prys moet binne een maand vanaf kennisgewing opgeëis word.
7. 'n Donasie van R6,00 moet elke inskrywing vergesel.
8. Hierdie kompetisie is slegs vir Oud-Maties en hul vriende.

DIE EERSTE PRYS SLUIT IN:

Twee retro vliegtuigkaartjies na Europa

'n Elf dae toer wat die volgende insluit:

- * verblyf in luukse hotelle in Parys, Venesië, Salzburg, München en Amsterdam
- * doaglikse kontinentale ontbyt
- * alle dienskostes in hotelle, ploaslike taxi's en bogasie hantering
- * professionele toerleier
- * luukse busvervoer
- * gratis lidmaatskap aan O.V.C. Londen

Vyf doe gratis verblyf by O.V.C. in Londen

KARNAVAL-KOMPETISIE

1994

Hoe oud is USKOR in 1994?

Naam:

.....

Adres:

.....

Tel:

.....

ADRES: US KARNAVALKOMITEE,
POSBUS 3118, COETZENBURG,
7602

Samewerking was die wagoord toe agt akademici - insluitende 'n visekanselier en vier dekane van drie ander Afrika-lande - vroeër vanjaar die Matiekampus besoek het. Hulle is van die universiteite van Zambië, Botswana en Dar es Salaam (Tanzanië).

Naas proff Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier, en Walter Claassen, Viserektor (Akademies), het die agt ook gesprekke gevoer met nog 12 Stellenbosse akademici - waaronder die Registrateur, prof Sef Kritzinger, en drie dekane, proff Rudi Bigalke (Bosbou), Martin Hattingh (Landbouwetenskappe) en PW van der Walt (Ingenieurswese).

Die besoekende Afrika-akademici is deeglik bewus daarvan dat die sleutel tot die ontwikkeling van Afrika suid van die Sahara daarin lê dat dié deel se wetenskaplike en tegnologiese kapasiteit uitgebou

Afrika-akademici bespreek samewerking



Die akademici van die universiteite van Dar es Salaam, Zambië en Botswana op die Matiekampus. Voor is prof D Theo, dekaan van natuurwetenskappe (Zambië), prof ASA Mshimba, dekaan van natuurwetenskappe (Dar es Salaam), prof ML Lubanga, Visekanselier van die Universiteit van Dar es Salaam, prof Andreas van Wyk en prof J Nkoma, dekaan van Natuurwetenskappe (Botswana). Agter: prof Walter Claassen, prof PN Materu, dekaan van Ingenieurswese (Dar es Salaam), dr Safai Mpuchane, Departement Mikrobiologie (Botswana), mnr Justice Moilwa, Departement Elektriese Ingenieurswese (Botswana), en dr SB Kanyanga, waarnemende dekaan van Ingenieurswese, Universiteit van Zambië.

Winterskole

Twee winterskole vir voornoemde Maties - een in die Natuurwetenskappe en een in Ingenieurswese - word weer vanjaar aangebied. Matriek- en standerd negeleerlinge wat in dié rigtings belang stel, kan die skole bywoon.

Albei begin op 3 Julie. Die Natuurwetenskappe-winterskool duur tot 7 Julie en dié vir voornoemde ingenieurstudente tot 8 Julie.

Borgskappe word verkry om die koste laag te hou. Dit kos R300 per skolier vir die Natuurwetenskappe-winterskool en R250 vir Ingenieurswese - wat verblfy en etes in Universiteitskoshuise en vervoer na die uitstappies insluit.

Aansoeke en navrae vir die Natuurwetenskappe-winterskool: mnr SS de Kock tel 021-8083676 of mnr Fanie Geyser by 021-8876118.

Vir die Ingenieurswese-winterskool: mnr Gerhard Hitje/Samuel de Beer, Fakulteit Ingenieurswese, tel 021-8874203.

word. Derhalwe is daar gesels oor aspekte soos samewerking op navorsingsgebied, personeelontwikkeling en oor die feit dat wetenskaplikes aangemoedig moet word om in Afrika te bly - want die getal

wetenskaplikes en ingenieurs in Afrika suid van die Sahara is minder as dié wat in die noordelike halfond in diens van sommige nywerheidsmaatskappye staan.

Benewens Stellenbosch was

die agt besoekende akademici ook by die universiteite van Kaapstad - wat die gasheer was - en Wes-Kaapland. Die Rockefellerstigting van New York het hulle besoek gefinansier. ■

17 van 24 topmatrieks kies US

Sewentien van die Kaaplandse Onderwysdepartemente se 24 topmatrikulante van 1993 het besluit om Maties te word. Dit sluit die vyf met eerste plekke op die departement se merietelys in.

Sestien van die 24 het vanjaar aan die US begin studeer en die 17de een wil volgende jaar op Stellenbosch inskryf aangesien sy vanjaar in die buiteland is.

Dié 24 beklee die 20 hoogste plekke op die Kaaplandse merietelys - met vier van die plekke wat elk deur twee kandidate gedeel word.

Die 16 topmatrikulante van

1993 wat vanjaar Maties geword het, studeer B.Comm., B.Rek., ingenieurswese of geneeskunde.

Eerste

Mej Salmien van der Merwe van Stellenbosch, wat die eerste plek op die merietelys beklee het, het vir B.Comm. (Wiskunde) ingeskryf. Mnr Ernst Kannenberg van Durbanville (2de op die lys) en mej Ada Nel van Upington (3de) studeer albei B.Rek. Mnr Jacobus Engelbrecht van Port Elizabeth (4de) is 'n B.Ing.-student en mnr Pieter Kriel van Bellville (5de) studeer B.Comm. (regte).

Die ander 1993-topmatrieks by die US is mej Sarie Brink van Kuilsrivier (9de), mej Fiona Kritzinger van Beaufort-Wes (10de), mnr Hermanus Lintveldt van Kuilsrivier en Pieter Coetzee van Parow (saam 12de), mnr Abrie Tromp en Abraham Meij. albei van Stellenbosch (saam 13de), mnr Anthon Voight van Bellville en mej Greta Heydenrych van Uitenhage (saam 16de), mej Elsa Botha van Port Elizabeth (17de), mnr Hendrik Wessels van die Strand (19de) en mnr Albertus de Jongh van Upington (20ste).

Mej Jessica Komaz van Somerset-Wes (15de) is oorsee en wil volgende jaar aan die US begin studeer. ■

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns het in die middel dertigerjare met die idee gekom: daar moet, naas die drie Engelstalige fakulteite by Wits, UK en Natal, ook 'n Afrikaanstalige Ingenieursfakulteit in Suid-Afrika wees!

In Junie 1937 stel die Senaat van die Universiteit 'n spesiale komitee aan om verslag te doen oor die instelling van kursusse in die Ingenieurswese. Ná 'n aanvanklike positiewe verslag binne twee maande het dit die komitee twee jaar geneem om sy ondersoek te voltooi. Die komitee het eenparig aanbeveel dat daar "... minstens een inrigting sal wees wat in nouer verband staan met dele van die land wat oorwegend Afrikaanssprekend is, en wat hom onder andere ten doel stel om persone op te lei wat Afrikaanssprekende werkgewers sal kan dien."

Die Universiteitsraad het op 17 Junie 1939 besluit om 'n Fakulteit van Ingenieurswese te stig.

Die Raad kon seker nie voorseen dat 'n Wêreldoorlog drie maande later sou uitbreek wat sy plaane met 'n paar jaar sou vertraag nie! Die Minister van Onderwys het sy bes probeer en toestemming gegee dat 'n paar ingenieursdepartemente in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde gestig mag word. As studentegetalle later genoeg gegroeи het en die Universiteit genoeg geld ingesamel het vir die projek, sou die minister verdere aandag aan die saak gee.

Voedingskursus

Die spesiale komitee het daarop 'n "B.Sc. met Ingenieursvakke" ontwerp as 'n voedingskursus vir die laaste twee jare van die vierjarige ingenieurskursusse by UK of Wits, waar die studente hulle as ingenieurs sou kon bekwaam.

Die leser sal so 'n bietjie verder aan in hierdie artikel sien dat die geskiedenis homself herhaal!

'n Departement Ingenieurswese is in 1941 binne die Fakulteit Wis-

Ingenieursfakulteit word 50



Prof P.W. van der Walt

en Natuurkunde gestig met mnr HL Reitz, Dipl. Ing. (Delft) en voorheen stadsingenieur van die Paarl as eerste professor, dr JM le Roux as Senior Lektor in Toegepaste Wiskunde en 'n inskrywing van 42 eerstejaars en drie tweedejaars. Later daardie jaar het dr RL Straszacker hom as "Senior Lektor in Teken" by die personeel aangesluit.

Eerste kursusse

Die eerstejaarsklasgeld vir Meganiese of Elektriese Ingenieurswese is vasgestel op £13-10-0 per jaar, terwyl studente in Siviele Ingenieurswese 'n hele £14-10-0 moes opdok. Die bykomstige eksamengeld van £12-10-0 per jaar het byna die klasgeld verdubbel. As prof Reitz sy salaris van £1 000 per jaar ten volle in sy studente belê het, sou hy vir 38 studente kon betaal. Vandag se professor sal minder as 20 studente se gelde kan "bekostig" - wat daarop duif dat studie aan 'n Universiteit deur die jare vir die gewone mens al hoe duurder geword het!

Die klasse is aangebied in die ou Fisikagebou, wat sedertdien gesloof is. Die eerstejaarskursus sal selfs vir vandag se studente baie bekend lyk! Studente moes Mathesis I, Fysika I, Teken 1A, Chemie 1 en Teken 1B (Geologie 1 vir Siviele ingenieurs) volg. Net soos vandag is die helfte van die

Die Fakulteit Ingenieurswese, wat die oudste Afrikaanse fakulteit in dié studierigting is, vier vanjaar sy halfeeu fees. Die Dekaan, PROF P.W. VAN DER WALT, skryf oor dié fakulteit se ontstaan en groei in die afgelope 50 jaar.

voorlesings in die eerste en tweede jare aan Wiskunde en Toegepaste Wiskunde afgestaan.

Die eerste twee B.Sc.-grade met Ingenieursvakke is aan die einde van 1942 toegeken aan mnr S Kuhn (Siviele Ingenieurswese) en LI Toerien (Werktuigkundige en Elektriese Ingenieurswese). Stephen Kuhn het by Kaapstad as ingenieur gekwalifiseer maar Louw Toerien het eers gaan werk en later sy studie op Stellenbosch voltooi.

Stigting

Die gesonde inskrywing van 42 eerstejaars het Rektor Wilcocks met hernieuide ywer aan die werk laat spring om 'n Fakulteit Ingenieurswese tot stand te bring. Hy het saam met dr WA Joubert begin fondse insamel.

Uiteindelik was die Minister tevrede met die kursusse, geriewe en geld wat ingesamel is. Op 14 Junie 1943 laat weet die Sekretaris van Onderwys, mnr J Op't Hof, die Universiteit dat "sy Eksellensie die Goewerneur Generaal" die instelling van 'n Fakulteit goedgekeur het.

Die Fakulteit Ingenieurswese het in Januarie 1944 sy deure oopgemaak en sy vyfjarige kursusse, B.Sc. in Ingenieurswese, bekend gestel.

Naas prof Reitz as Dekaan, is dr Straszacker tot professor in Werktuigkundige Ingenieurswese

bevorder en mnr A Heydorn as professor in Elektrotegniese Ingenieurswese aangestel. Hulle is bygestaan deur mnr AJA Roux (senior lektor in Werktuigkundige Ingenieurswese) en JJ Sippel (lektor in Siviele Ingenieurswese). Die 1941-eerstejaars kon op Stellenbosch aanbly en die eerste Matie-ingenieurs het in Desember 1945 hulle grade ontvang. Dié klein stroompie het gegroei tot 'n groot rivier: in Desember 1993 het 187 studente die B.Ing.-graad ontvang!

Huisvesting

Van die begin af was huisvesting 'n probleem. In 1946 het die fakulteit na die gebou van die Stellenbosse Gimnasium - nou Beeldende Kunste se gebou - verhuis. (Dié enkele departement beset vandag die ruimte waarin die Ingenieursfakulteit tot in die ses-tigerjare moes inpas!)

Die Fakulteit se soekie na plek is uiteindelik ruim beloon toe die nuwe kompleks in 1970 amptelik geopen is. Vandag spog die fakulteit met groot ruimtes wat maar net toegeskryf kan word aan die feit dat die geboue beplan is in die jare waarin geld volop was.

Groei

Die Fakulteit het deur die jare gesond gegroeи. Teen 1956 was daar 300 studente. Vandag is daar meer as 1 000 voorgraadse en 300 nagraadse studente.

In 1969 is 'n Departement Chemiese Ingenieurswese tot stand gebring. Daarmee lei die Fakulteit 'n volle spektrum van ingenieurs op.

Die grade wat verleen is, het ook stelselmatig gegroeи, van 16 in 1945 tot 202 by Desember 1993 en Maart 1994 se gradeplegtighede.

Die afgelope dekade is veral gekenmerk deur 'n groei in nagraadse studentegetalle, met sewe doktorsgrade en 45 M-grade in 1993. Die vrouestudente het ook baie meer geword. Sowat 20% van die studente in sommige klasse is van



die skoner geslag! (Die manne ken - en ek verstaan dit is uit respek vir hulle klasmaats - nie meer punte toe aan dames wat voor die ingenieursgeboue verbystap nie!)

Ons glo ook dat daar 'n volgehoue groei in die gehalte van ons afgestudeerde was. Vandag vind ons dat studente selfs uit die buitenland kom om op Stellenbosch te studeer.

Soos belowe, sal ek wys dat die geskiedenis homself herhaal. Die Ingenieurskursusse het begin met 'n B.Sc. met Ingenieursvakke. Die Fakulteit se eerste graad was 'n B.Sc.Ing. In 1957 is die dubbele graad B.Sc.,B.Ing. toegeken. Met die instelling van vierjarige graadkursusse het ons uiteindelik by die B.Ing. geëindig.

Sedert 1993 is daar weer 'n B.Sc. met Ingenieursvakke! Dit is bedoel vir studente wat naas 'n goeie basis in die Ingenieurswetenskappe, ook nog 'n goeie basis in die Natuurwetenskappe wil hê. Ná verwerwing van B.Sc. met Ingenieursvakke, kan 'n student na 'n verdere twee jaar van studie ook die B.Ing. behaal. Dit bring ons min of meer presies terug by die begin. Die B.Sc. met Ingenieursvakke het verlede jaar 22 eerstejaars gelok.

Makieties

Daar het die afgelope 50 jaar gans te veel gebeur om in 'n kort artikel soos hierdie te vertel.



Dosente en graduati vir die driejarige B.Sc.-graad met Ingenieursvakke, 1943. Voor sit JWJ. Truter en ND Slabbert (studente), dosente dr JM le Roux, prof HL Reitz, dr RL Strazacker en mnr SRF Göldner, asook PK Engelbrecht (student). Middel: TGJ Pistorius, JD de B Joubert, JH van der Merwe, FJ Brand, CC Marincowitz en HF van Wyk. Agter: PJ Botha, JH de la Harpe, GF Loedolff, PR de Kock, JF van Straaten en J du P Dippenaar.

Daarom beplan ons 'n paar geleenthede deur die loop van die jaar waar oudstudente kan kom kyk hoe dinge vandag daar uitsien.

Gedurende Ingenieursweek van 11 tot 16 April sal die Vereniging van Stellenbosse Ingenieurstudente ook 'n ou tradisie laat herleef! Wie onthou nog hoe vinnig die manne 'n motorwrak kon opkap en deur 'n hoepel steek? Ons sal sien of moderne tegnologie op hierdie gebied iets kan bydra.

Ons hou op 10 en 11 Mei spe-

siale opedae. Dié geleentheid is hoofsaaklik gemik op skoliere maar die breë publiek sal ook welkom wees.

Gedurende Oktober bied ons ten minste vier tegniese simposia op Stellenbosch aan. Kennisgewings word deur die tegniese literatuur versprei.

Die groot partytjie word op 14 Desember, die dag voor die gradeplegtigheid, gehou. Die Fakulteit sal sy deure oopgooi vir sy oudstudente en hulle metgeselle.

Daardie aand hou ons 'n dinne in die Stadsaal.

Die koshuise sal ook hulle deure oopgooi en bekostigbare verblyf bied aan oudstudente wat 'n paar dae op Stellenbosch wil verwy!

Ons stuur eersdaags uitnodigings met nadere besonderhede aan al ons oudstudente. As u hierdie Matieland ontvang het, weet u dat ons u adres het.



Dr Theo Dicks

Dosent wen beurs van R60 000

Dr Theo Dicks, senior lektor in Mikrobiologie, het een van die mees gesogte beurse in Suid-Afrika op die gebied van landbounavorsing gewen - die BP-Navorsingsbeurs in die Landbou ter waarde van R60 000.

Hy het in Februarie na Duitsland vertrek waar hy die beurs gebruik om aan die

Johann Wolfgang Goethe-universiteit in Frankfurt navorsing te doen. Sy navorsing is toespits op die beheer van voedselbederf asook die na-oesbederf van vrugte en groente.

BP Suidelike Afrika dra ook die reiskoste van die beurswenner. Hy is onder geen verplichting om 'n dienskontrak met die maatskappy aan te gaan nie.

COETZEN-BURGKLUB

Alle oudspelers van die Stellenbosch Rugby-voetbalklub asook Oud-Maties, US-personeellede en ander lojale ondersteuners kan by die Coetzenburgklub aansluit, teen R50 per jaar. Lewenslange lidmaatskap kos R400. Skakel 021-8084690 vir aansoekvorms.

'n Volledige stel eerste drukke van CJ Langenhoven se werke word nou in die Universiteitsbiblioek bewaar. Afrikaans Stereo het dit verlede jaar vir sy boekeveiling by sy luisteraars ingesamel - waarna Sanlam en Santam dit op die veiling vir R30 000 gekoop en aan die US geskenk het.

Dit is een van die waardevolste skenkings wat die Universiteit nog ontvang het, het prof Walter Claassen, Viserektor (Akademies), gesê toe hy die boeke namens die US in ontvang geneem het.

Afrikaans Stereo enveral mngr Morkel van Tonder en almal wat met die byeenbring van die versameling gehelp het, het hiermee 'n 'besondere bydrae tot die Afrikaanse kulturskat gelewer," het prof Claassen gesê.

Nageslag

Hy het Sanlam en Santam verseker dat dié geskenk aan die US eintlik nie in geld gemeet kan word nie. "Vir die Afrikaanssprekende wat sy taal liefhet, is dit vandag 'n gerusstellende en verblydende gedagte dat Langenhoven se eerste drukke vir die nageslag veilig in ons

US kry al Langenhoven se eerste drukke



Prof. Walter Claassen (voor) by van die eerste drukke van CJ Langenhoven se werke, saam met mngr Desmond Smith, Sanlam se besturende direkter (links agter), en mngr Jurie Geldenhuys, besturende direkter van Santam.

Universiteitsbiblioek bewaar word."

Die werke is gedurende 1906-53 uitgegee. Daar is 74 boeke - waaronder 14 dele van die eerste druk van Langenhoven se versamelde werke. Vyf van die boeke

is in Engels, onder meer *A first guide to Afrikaans*.

Langenhoven se volledige manuskripte wat hy aan die US nagelaat het, word in die JS Gericke-biblioteek se dokumentesentrum bewaar en die versameling eerste

drukke sluit nou hierby aan. Die 74 boeke is in die afdeling Spesiale Versamelings - waar die biblioteek sy waardevolste en skaarsste boeke hou.

Verlede jaar was 'n eeu sedert Langenhoven in 1893 as eerstejaarstudent op Stellenbosch ingeskryf het. Hy het BA in 1895 behaal. In 1931 het die Universiteit 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken. Die Maties se studentesentrum - geopen in 1975 en wat nou herbou en heringerig word - dra ook Langenhoven se naam.

Legende

Hy was 'n legende in sy eie tyd en dit is vir die US "n eer en 'n plig en 'n voorreg om met die bewaring van hierdie werke van Langenhoven te sorg dat die legende bly voortleef," het prof Claassen gesê.

"Tussen die bladsye van bierdie boeke is die gedagtes van Langenhoven die deernisvolle mens, briljant in sy eenvoud, die joernalis, die regsgelerde, die taalstryder, die skrywer vir sy volk, die politikus, maar bowenal die stem van die mens wat volk en taal liefgehad het."

Department of Geography climatologist Dr Jana Olivier's important research work could ensure a new water supply for remote communities. This water comes from fog droplets condensing against specially erected nets.

A number of desert communities in Chile and Ecuador, South America, as well as in Oman in the Middle East - where dense fog occurs regularly - are using this water supply method very successfully.

Dr Olivier has been doing research on fog for many years. She believes that this original solution to the problem of a serious water shortage may be applied successfully in parts of South Africa where fog

Fog can provide water in dry areas

or low clouds occur regularly - such as along the Cape West Coast and the Eastern Transvaal escarpment. Langebaanweg on the Cape West Coast experiences 60 days of fog per year. It is even higher at other places. Substantial quantities of water may thus be collected.

Dr Olivier recently launched a project to determine the quantity of water obtainable from fog. Fog screens have already been erected in the Darling area on the West Coast and will soon be installed at Namakwa Sands as well. Terramin, a manufacturer of special screens used in filters in mines and cooling

towers, has donated screens for the project.

The fog droplets condense on the screen, run down and fall into a gutter which in turn runs through a rain gauge into a storage tank. The screens are used at weather stations where fog and rainfall are measured.

Dr Olivier plans to erect additional fog screens later this year at God's Window, Magobaskloof and in the Soutpansberg.

In addition to fog water yield data, information on the incidence of fog is also required so that areas with the highest fog water potential may be identified. Such information

is still meagre as weather stations along the West Coast and in the mountainous areas of the Eastern Transvaal are few and far between. However, Dr Olivier hopes to obtain the assistance of farmers and schools in the areas to monitor the incidence of fog.

The data will then be analysed and mapped in the Department of Geography. Such a detailed map may be useful to other sectors as well, e.g. air traffic control, agriculture, forestry, nature conservation and tourism. But the main focus of the project is to supply water to small rural communities. If this is successful, camping sites, game parks, farmsteads etc may also benefit from the project.

Een van Noord-Europa se oudste universiteite, Uppsala in Swede, gaan einde Mei vanjaar 'n eredoktorsgraad toeken aan 'n Oud-Matjie, prof Vincent Brümmer, hooglaraar in godsdiensfilosofie aan die Universiteit van Utrecht.

Prof Brümmer gaan onder meer vereer word vir sy bydrae in die afgelope 15 jaar ter bevordering van internasionale samewerking op die terrein van die teologie - en veral die godsdiensfilosofie.

Hy het op Stellenbosch grootgevorder en het noue bande met die Universiteit. Sy pa was prof NJ Brümmer wat in 1941 as filosofiedosent afgetree het en sy ma

Nederlandse Oud-Matjie in Swede vereer

was 'n dogter van een van die vroegste Kweekskooldosente, prof JI Marais wat van 1877 tot sy dood in 1919 aan die Kweekskool verbonde was en ook die eerste US-Kanselier na universiteitswording in 1918 was. Prof Brümmer is



Prof Brümmer, 'n Oud-Matjie wat as akademikus in Swede vereer word.

ook getroud met 'n Oud-Matjie, Jean Heatlie van Worcester.

Hy is aan die Kweekskool opgelei (B.Th., 1956) voordat hy in 1957 met 'n MA-graad in die filosofie *cum laude* op Stellenbosch afgestudeer het. In 1958 behaal hy 'n mees-

tersgraad in die teologie aan Harvard, VSA, en in 1961 'n doktorsgraad aan Utrecht. Na enkele jare as dosent aan die Universiteit van Natal en by Unisa word hy in 1967 professor in Utrecht. In 1986-'88 was hy daar dekan van teologie.

Vanaf vanjaar is prof Brümmer ook die direkteur van die Nederlandse nasionale skool vir gevorderde studies in die teologie en godsdiens. Hy het deur die jare op talle plekke in die wêreld as gasdosent opgetree - onder meer by verskeie geleenthede in Suid-Afrika. Naas 'n aantal boeke het hy ook heelwat artikels gepubliseer.

**Kontantskenkings van alte-
saam R12 358 176 is verlede jaar
vir Stellenbosch 2000 ontvang.
Dit is bykans 14% meer as die
sowat R10,85 miljoen in 1992.**

Die fonds se totaal het aan die einde van 1993 op R73,46 miljoen te staan gekom - bykans 'n drie kwart van die mikpunt van R100 miljoen teen die jaar 2000 wat in 1988 gestel is. Dié mikpunt was R20 miljoen met die instelling van die fonds in 1980 en is later na R30 miljoen en toe na R100 miljoen opgeskuif.

Meer as R10,3 miljoen van verlede jaar se bydraes het van maatskappye gekom. Dit was 28% meer as in 1992. Oud-Maties en ander individuele donateurs het R930 982 bygedra - wat 4,5% meer as die vorige jaar uit dié bron is. Uit erflatings is R886 648 ontvang, wat heelwat minder as die sowat R1,9 miljoen in 1992 is (Lees ook die berg op bl. 9).

Uit buitelandse bronne het Stellenbosch 2000 verlede jaar R310 554 verkry. Dit was 'n enkele skenkking van 'n Amerikaanse familielietrust.

Verlede jaar se bydraes vir die Tygerberg Academica Fonds - wat nie by die nagenoeg R12,35 miljoen vir Stellenbosch 2000 in 1993 inge-

R12,35 miljoen vir Stellenbosch 2000 in 1993

sluit is nie - het altesam R331 387 bedra. Sedert dié fonds in 1985 ontstaan het, is daarvoor reeds sowat R2,12 miljoen by die fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde se oudstudente en vriende ingesamel, om die nuwe studentesentrum op die Tygerberg-kampus te help finansier.

Skenkings in 1993 van goedere ter waarde van R407 492 is ook nie

by Stellenbosch 2000 ingesluit nie. Dit het gewissel van rekenaars en ander toerusting tot boeke, skape en volstruise!

Die Afdeling Openbare Betrekkinge werf skenkings by Oud-Maties, die ouers van huidige studente en by ander individue. Die US Stigting is vir fondsverwrig by maatskappye en vir die verkryging van erflatings aan die Universiteit

verantwoordelik.


Mnr Johan Fechter, Direkteur van die Openbare Betrekkinge, en Sunley Uys, Direkteur van die US Stigting, het albei namens die Universiteit hul dank en waardering uitgespreek teenoor individue en instansies wie se skenkings in 1993 'n bydrae gelewer het tot die US se taak van opleiding, navorsing en dienslewering.

Van die R73,46 miljoen wat reeds aan Stellenbosch 2000 geskenk is, was R60,36 miljoen gespesifieerde skenkings wat volgens die donateurs se wense aangewend is, terwyl R13,1 miljoen ongebonden skenkings was.

Die gespesifieerde skenkings is vir 'n wye verskeidenheid doeleindes aangewend, byvoorbeeld vir navorsingsprojekte, studiehulp aan studente met agterstande, die Universiteit se voorgraadse beursleningskema, die aankoop van toerusting en gemeenskapsdiensprojekte.

Die ongebonden skenkings word as kapitale reserwe belê en die opbrengs word vir 'n verskeidenheid doeleindes gebruik (kyk die diagram hier bo).

STELLENBOSCH 2000-FONDS BEWILLIGINGS UIT OPBRENGS 1993



In 1993 is die opbrengs van kapitale reserwe soos volg aangewend

Die Universiteit se 31 grootste donateurs het saam reeds byna R30 miljoen aan die US geskenk. Met die oog op die driekwarteeufees van Universiteitswording verlede jaar is daar teen die einde van die jaar spesiaal vir dié 31 dankie gesê.

Op twee dinees - in Johannesburg en op Stellenbosch - het die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk, namens die Universiteit toekennings aan verteenwoordigers van die 31 maatskappye oorhandig.


Agt van hulle is bedank vir skenkings van meer as 'n miljoen rand elk en die ander 23 omdat hulle elkeen reeds minstens R500 000 geskenk het.

Afdrukke

Die maatskappye wat elk meer as 'n miljoen geskenk het, het geraamde afdrukke van 'n ets deur die Stellenbosse Oud-Matiese kunstenares Lyn Smuts ontvang. Dit is van die vooraansig van die Universiteitsmuseum-gebou in Ryneveldstraat.

Lyn Smuts is die vrou van prof Gerhard Lubbe, die dekaan van Regsgeleerdheid. Sy het die ets spesiaal vir die toekennings in opdrag van die Universiteit gedoen. Slegs die agt afdrukke vir die donateurs is daarvan gemaak.

US sê dankie vir 31 se R30 miljoen



Op die dinne in Johannesburg het prof Andreas van Wyk (derde van regs) as Rektor en Visekanselier die etsafdrukke oorhandig aan mnr Peter Ibbotson, voorstitter van Perseus Computer Systems. Mike Myburgh, bestuurhoof van SA Lugdiens, wat dit namens Transnet ontvang het. At du Plessis voorstitter van die Genmin Ontwikkelingstrust. Andries Beyers, voorstitter van die Koringraad, en Russel Kennedy, hoofbestuurder van Sasol Beperk



Prof Van Wyk (naaslinks) by die Stellenbosse dinne saam met mnr James McGregor, 'n trustee van Molteno Brothers, mnr Thys Visser, besturende direkteur van Rembrandt Groep, en dr Piet Neethling. Hulle hou een van die etsafdrukke vas.

Die Universiteit het verlede jaar altesaam R886 648 uit 28 verskillende erflatings ontvang. Die grootste enkele bedrag was bykans R203 000 en die kleinste slegs R34,89. Oud-Maties en nie-Oud-Maties uit alle uithoek van die land het dié geld nagelaat.

Een van hulle, wyle mnr LMC Bendiks wat in Johannesburg gewoon het en nie 'n Oud-Matie was nie, het 1,5% van die restant van sy boedel vir studiebeurse aan

R886 648 uit 28 erflatings

die US bemaak. Dié 1,5 persent het R180 000 beloop.

Met verlede jaar se viering van 'n driekwarteeu sedert die Victoriakollege in 1918 die Universiteit geword het, het die US Stigting - wat vir die verkryging van testamentêre bemakings aan die Universiteit verantwoordelik is - 'n

verskerpte veldtog in dié verband aangepak. Die mikpunt is om voor die Universiteit se 100ste verjaarsdag nuwe testamentêre bemakings ter waarde van R100 miljoen te finaliseer.

Die US Stigting doen 'n beroep op alle Oud-Maties en ander vriende van die Universiteit om met die op-

Die agt maatskappye wat dié toekenning gekry het, is Genmin Ontwikkelingstrust, die Koringraad, Molteno Brothers, dr Piet Neethling, Perseus Computer Systems, Rembrandt Groep, Transnet en Sasol.

Gedenkplaat

Die 23 maatskappye wat elk minstens R500 000 geskenk het, het elkeen 'n gegraveerde gedenkplaat ontvang. Hulle is: Abe Bailey Trust, Absa Bank, AECI, Boland Bank, Bosbouraad, Caltex Olie (SA), DG Murray Trust, Eerste Nasionale Bank, EJ Lombardi Trust, Federale Landboukoöperasie, Grinaker Electronics, Hans Merensky Stigting, Kaapse Wyn- en Spiritualteë-Instituut, Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika, Ou Mutual, Sanlam, Siemens, Somchem (lid van die Denel Groep), SA Brouerye, die Reserwebank, Volkswagen (SA), Wilfred Cooper Trust en Yskor.

Sowat ses jaar gelede het die Universiteit op 'n soortgelyke manier dankie gesê vir vier maatskappye wat toe reeds 'n miljoen rand elk aan die US geskenk het. Hulle is Anglo America/De Beers Chairman's Fund, Gold Fields of South Africa, die Kamer van Mynwese en Stellenbosch Boerewynmakery.

stel van hul testamente 'n erflating aan die Universiteit in te sluit - ongeag hoe groot of klein dit ook al is. So kan 'n mens aan 'n toekoms van kennis en opvoeding vir die nageslag help bou.

Vir meer inligting hieroor kan Philip de Witt geskakel word (✉ 021-8084638; faks 8084499) of skryf aan hom by die US Stigting,

Toe prof CGW Schumann 50 jaar gelede - op 15 Januarie 1944 - die Buro vir Ekonomiese Ondersoek gestig het, het hy uiteraard 'n bepaalde visie gehad. Sy vernaamste doelstelling was dat die beroemde ekonomiese navorsing en vooruitskatting 'n bydrae tot verbeterde sakepraktik en openbare beleid moes lewer.

Deur die jare is weinig van dié ideaal afgewyk - soos die BEO se hedendagse formele missiestelling toon: *Die verkryging van kennis en die oordra daarvan aan deelnemers aan die Suid-Afrikaanse volksbuishouing met die uiteindelike doel om te help bou aan 'n Suid-Afrika met 'n gesonde en goed gebalanseerde ekonomie.*

Hoewel die BEO se doelstellings oor 50 jaar heen relatief min verander het, beteken dit nie die werkzaamhede het staties gebly nie. Veral sedert die vroeë sewentigerjare het die wyse waarop die doelstellings nagestreef is baie verander.


It is nie heeltemal verkeerd om te beweer dat die beroemde in die sestigerjare ook in 'n groot mate die finansiële pers van Suid-Afrika was nie. Vanaf veral 1970, egter, het die finansiële pers met rasse skrede verbeter en die komste van televisie in 1976 het dié ontwikkeling 'n verdere hupstoot gegee. Die weeklikse finansiële tydskrifte van vandag kan kwalik met hulle eweknieë van die vroeë sewentigs vergelyk word.

Die media ontwikkel steeds en inligting word al hoe vinniger vrygestel. Ons land het byvoorbeeld minstens een goeie volwaardige finansiële dagblad, en alle dagkoerante plaas finansiële berigte van gehalte. Heelwat van die BEO se werk van 20 jaar gelede word dus nou deur die openbare media gedoen.

Ook op ander gebiede word gedeeltes van die werk wat die beroemde "eiendom" was, vandag net so goed gedoen deur organisasies in die private sektor. Banke, versekeringsmaatskappye en ander groot orga-

US-navorsing se 'ouboet' word 50

Die Beroemde Ekonomiese Ondersoek (BEO) - die oudste van die Universiteit se huidige 30-tal navorsingsinstellings - vier sy halfeeusees. DR OCKIE STUART, die Beroemde Direkteur, skryf hier oor die visie waarmee die BEO destyds gestig is, sy baanbrekerswerk en invloed in die afgelope vyf dekades en sy huidige bestaansreg.




Dr Ockie Stuart

nisasies het meestal hul eie ekonomiese afdelings. Dus, ook 'n deel van die dienslewering wat tradisioneel feitlik uitsluitlik deur die Beroemde vir Ekonomiese Ondersoek gedoen was, word deesdae in 'n mate deur private organisasies gehanteer.

Die vraag of die BEO nog 'n bestaansreg het, duik dus vanselfsprekend dikwels in gesprekke op. Om die vraag behoorlik te kan beantwoord, moet 'n mens eers

samel word, is kwalitatief van aard, maar gee nogtans 'n uitstekende aanduiding van resente ekonomiese omstandighede.

Uit die aard van die saak word amptelike data met 'n lang tydsloëring vrygestel en die nut van die opnamedata is dus vanselfsprekend. Dit is vele seggendaat dat die datarekse tot so ver as 1960 teruggaan en dat deeglike ontledings wat daarop uitgevoer is, getoon het dat dit die



nagaan watter navorsing deesdae by die beroemde gedoen word, en dit dan met die dienste wat ander organisasies bied - asook met die behoeftes van die sakewêreld - in verband bring.

Die BEO vervul 'n belangrike funksie as 'n genereerde van data. Die beroemde kan daarop aanspraak maak dat sy opnamedata uniek in Suid-Afrika is. Die data wat inge-

amptelike reekse uiters goed simuleer. Sakemanne kan dus met vertroue hulle besluite neem deur onder andere op die opnamedata te steun.

Die beroemde se aktiwiteite is egter nie tot opnames beperk nie - sy navorsers is ook goed onderleg in ekonometrie. Dié kennis word veral nuttig toegepas wanneer wiskundige modelle gebruik word om vooruit-

skattings van die verloop van die ekonomie te maak.

Omdat die beroemde onafhanklik is en vertrouenssituasies goed hanteer, het sy navorsers toegang tot inligting wat selde, indien ooit, aan iemand in die private sektor bekend gemaak sal word. Uit die aard van die saak kan die navorsers realistieser aannames rakende nie-kwantifiseerbare faktore maak.

Die BEO het die verdere voordeel dat sy navorsers toegang het tot ander navorsingsinstellings en akademiese departemente van die Universiteit van Stellenbosch - en ook van ander universiteite - en die implikasies hiervan is dat deskundige kennis rakende 'n groot verskeidenheid van sake aan die publiek deurgegee kan word.

In teenstelling met ekonomiese instellings in die private sektor verkieks die BEO om nie op 'n enkele aspek van die ekonomie te spesialiseer nie. Daar word getrag om die makro-ekonomie in die wydste sin van die woord te bestudeer en die impak wat dit op sektore kan uitoefen, toe te lig.

Die beroemde se toegang tot deskundiges op ander gebiede het tot gevolg dat 'n breed omgewing verken kan word. Kortom, die aard van die samestelling van die BEO is sodanig dat dit 'n diens aan die hele land kan lewer.

Die Beroemde vir Ekonomiese Ondersoek lever dienste aan instellings wat wissel van klein eenmansake tot beleidmakers op die hoogste vlak van die regering. As die BEO se missie bly bestaan soos dit nou is, sal dié toedrag van sake nie gou verander nie.

Wat wel waarskynlik is, is dat die BEO in 'n al hoe groter mate sal begin funksioneer as die ekonomiese afdeling van klein en middelgrootte sake-onderneemings. Hierdie werk, so glo ons, kan slegs gedoen word deur 'n onafhanklike navorsingsinstelling wat nie op winsbejag ingestel is nie. Met ander woorde deur 'n organisasie soos die Beroemde vir Ekonomiese Ondersoek.

Prof MJ de Vries is die titel van 'n boek wat die Universiteit uitgegee het as huldiging aan die loopbaan en lewe van prof Mike de Vries wat in Junie 1993 na 14 jaar in die US-rektorsamp agetree het - 32 jaar nadat hy as dosent hier begin werk het en 42 jaar nadat sy Matie-studieloopbaan in 1951 begin het.

Die boek is "n blyk van waardering vir (prof De Vries se) toewyding aan ons Universiteit. Hierdie toewyding en die prestasies waartoe dit aanleiding gegee het, strek oor 'n leeftyd," skryf die Kanselier, dr Jan van der Horst, in die inleiding van die boek.

Agtien mense wat deur die jare noue verbintenisse met prof De Vries gehad het, het bydraes vir die boek geskryf.

Oor sy kinder- en jeugjare skryf 'n kleinneef van hom, prof Corné de Vries, asook 'n oud-hoërskoolonderwyser, mnr Chris Kleinhans, en 'n eertydse mede-Matie en -Dagbreker, dr Erik Barnard. Prof Ralph Schindler van die Universiteit van

US huldig 'Prof Mike' met boek



Die Kanselier, dr Jan van der Horst (regs), het in Desember die eerste eksemplaar van die boek aan prof De Vries oorhandig.

Kiel in Duitsland vertel van die laat vyftigerjare toe hy Mike de Vries as doktorale student in Freiburg, Duitsland, leer ken het.

US-oudkollegas van prof De Vries wat bydraes vir die boek gelewer het, is proff Joël van Wyk (Wynkunde), Chris Garbers (Chemie, US, en latere WNNR-president), Willem Engelbrecht (Chemie).

Piet Human (Didaktiek), Andreas van Wyk (wat prof De Vries as Rektor en Vicekanselier opgevolg het), WP Esterhuyse (Filosofie en Sake-etiek) en Bun Booyens (Konvokasie-president en afgetrede hoof Afrikaanse Kultuurgeskiedenis) asook mnr Butch Lochner (afgetrede hoof van die Sportburo).

Proff Engelbrecht en Human is

ook oudstudente van prof De Vries. Nog 'n oudstudent van hom, mnr Tielman de Waal, hoofbestuurder van Krykor, het ook 'n bydrae vir die boek geskryf.

Die huidige rektorsvrou, mev Magdaleen van Wyk, wat ook 'n huishoudkunde-dosent aan die US is, skryf oor prof De Vries se gesinslewe en oor mev Renée de Vries as rektorsvrou.

Prof Flip de Wet, hoofdirekteur van Studentesake, ds Gys van Schoor, wat Dagbreek se 1979-priemarius was, ds Stephan Spies, studenteraadsvoorsitter van 1981-'82, en mnr Francois Beukman, 1987-'88 se SR-voorsitter, skryf oor prof De Vries as studentevriend.

Daar is ook hoofstukke oor prof De Vries as chemikus, dosent en navorser, as rektor, onderhandelaar en diplomaat (deur prof Esterhuyse) en as kultuurmens (prof Booyens). Prof Van Wyk skryf oor die "Universiteit in die De Vriesjare." Die boek het 'n kleuromslag en bevat 'n verskeidenheid foto's.

BEO gasheer vir wêreldkonferensie



Dr Ockie Stuart, die BEO se direkteur, by die Ciret-konferensie op Stellenbosch saam met, van links, dr Gernot Nerb van die Ifo-instituut in München, prof Wolfgang Thomas, streekbestuurder van die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie, prof Karl Oppenlander van München, Ciret se voorsitter, en sy adviseur, prof Gunter Poser van Darmstadt.

Die BEO het nog 'n mylpaal behaal toe hy laat verlede jaar die 21ste internasionale konferensie van Ciret, die "Centre for Research in Economic Trendy Surveys," aangebied het. Dit is 'n internasionale studiegroep wie se lede op 'n gereelde basis sake-opnames doen.

Met dié opnames word strategiese inligting oor sakelui se opvattinge en verwagtings ingesamel. Die organisasie vergader elke twee jaar sodat sy lede hul navorsingsresultate kan uitruil en bekend stel.

Ciret - waarvan die BEO 'n stigterslid is - het in 1960 op 'n

beskeie skaal ontstaan. Dit het nou 650 lede, versprei oor 51 lande. Die voorsitter is prof Karl Oppenlander van München. Prof Gunter Poser van die Universiteit van Darmstadt adviseer hom.

Daar was afgevaardigdes van 25 lande by die konferensie op Stellenbosch. Onder die 60 referate wat gelewer is, was een deur die BEO se direkteur, dr Ockie Stuart wat oor *The use of survey data in a rapidly changing environment* gepraat het. Hy het ook die konferensiegangers ampelik verwelkom.

Twee werke oor prof Hennie Rossouw, wat einde verlede jaar as Viserekotor (Akademies) afgestree het, is met sy 60ste verjaardag vroeg in Desember aan hom oorhandig.

Die werke is *Intellectueel in konteks: Opstelle vir Hennie Rossouw* wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) in Pretoria uitgegee is en *Universiteit, wetenskap en kultuur* (deur Tafelberg uitgegee).

Tien akademici - almal oudkollegas en/of oudstudente van prof Rossouw - het elkeen 'n opstel vir *Intellectueel in konteks* bygedra. Hulle sluit o.a. in prof Vincent Brümmer van die Rijksuniversiteit in Utrecht, Nederland, prof Jaap Durand, viserekotor van die Universiteit van Wes-Kaapland, en prof Wentzel van Huyssteen van die Princeton-kweekskool in die VSA.

Die ander bydraers is prof Johan Degenaar, afgetreden filosofiedosent aan die US, en huidige US-dosente prof Willie Esterhuysen (Filosofie en Sake-etiek), prof Sampie Terreblanche (Ekonomiese), prof Philip Nel (Politieke Wetenskap), prof Daniël

Prof Rossouw met 2 werke vereer



Prof Hennie Rossouw (middel voor) en ses van die tien medewerkers aan *Intellectueel in konteks*. Hulle is, van links, prof Joban Degenaar en Sampie Terreblanche, dr Johan Hattingh en prof Anton van Niekerk, Daniel Louw en Jaap Durand.

Louw (Praktiese Teologie) asook prof Anton van Niekerk en dr Johan Hattingh (albei van die Departement Filosofie).

Prof Van Niekerk het ook die voorwoord van dié werk geskryf. Die boek bevat 'n volledige lys van al prof Rossouw se werke sedert 1955 - wat publikasies, ongepub-

liseerde voordragte en studiegidse insluit.

Dit is reeds in Oktober verlede jaar in Pretoria vir die eerste keer bekend gestel toe prof Rossouw deur die RGN se Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (SWO) met 'n medalje vereer is. Hy het vroeër agt jaar lank in die RGN se raad gedien.


Universiteit, wetenskap en kultuur bestaan uit 'n aantal opstelle wat prof Rossouw veral in die afgelope aantal jare geskryf het oor "die krisis, uitdagings en geleenthede van die moderne universiteit." Prof Anton van Niekerk het dit saamgestel en die inleiding daarvoor geskryf.

Dit bestaan uit opstelle wat prof Rossouw geskryf het, veral sedert hy in 1985 Viserekotor (Akademies) aan die US geword het. Die meeste van die opstelle is reeds voorheen gepubliseer, maar is nou saam uitgegee.

Dit het almal te make met "die krisis rondom die toekoms van wetenskapsbeoefening in die algemeen, en die universiteitswese in die besonder," soos prof Van Niekerk dit in die inleiding stel. Hy sê hy beskou prof Rossouw as "beslis die belangrikste denker oor die universiteitswese in Suid-Afrika."

Prof Rossouw was sedert 1963 as filosofiedosent aan die US verbonde. Hy het op Stellenbosch gestudeer en in 1963 'n doktorsgraad met lof aan die Vrije Universiteit van Amsterdam behaal.

Prof Jan Kirsten, die Universiteit van Port Elizabeth se nuwe rektor en visekanselier, is 'n Oud-Matie wat as die enigste seun van 'n bekende US-dosent, prof Freddie Kirsten, op Stellenbosch grootgevoed het en ook met 'n Oud-Matie getroud is.



Oud-Matie prof Jan Kirsten, wat die UPE se nuwe rektor geword het.

UPE se rektorspaar is Matie-produkte

Die nuwe UPE-rektor het B.A. in 1965, 'n honneursgraad met lof en in 1971 M.A. in filosofie met lof op Stellenbosch verwerf - waarna hy 'n doktorsgraad in Nederland behaal het.

As Matie was hy huis in Dagbreek - waar sy pa baie jare lank die inwonende hoof was - en het later Majuba se primarius geword. Hy het as filosoof in sy pa se voetspore gevolg: Prof Freddie Kirsten was tot sy aartde in 1973 hoof van die Departement Filosofie.

Jan Kirsten was ook 'n nabystudent van die destydse US-rektor, prof HB Thom, wat met sy dood in 1983 die Kanselier was. Prof Thom se weduwee en prof Freddie Kirsten se vrou is susters. Mev Thom en prof en mev Kirsten woon nou in dieselfde te werk.

aftree-tehuis in die Strand.

Prof Jan Kirsten het sy loopbaan as dosent by die Randse Afrikaanse Universiteit begin. In 1978 het hy professor in filosofie aan die UPE geword en was sedert 1990 ook die dekaan van lettere en wysbegeerte.

In Oktober verlede jaar is hy as die UPE se vierde rektor en visekanselier aangewys. Hy word op 21 April in dié amp ingehuldig.

Prof Kirsten het heelwat gepubliseer en is met verskeie toekenning bekroon - waaronder beurse om as doktorstudent aan die Rijks-universiteit van Leiden, as navorsingsgenoot aan die Universiteit van Boston en as besoekende professor aan die Northwestern-universiteit in Chicago te werk.

As voorste wysgerige het hy in verskeie komitees en verenigings gedien. Hy is 'n keurder vir die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling en vir verskeie wetenskaplike tydskrifte. Vir sy bydrae om tennis in die OP te bevorder, het hy in 1993 erekleure ontvang.

Die UPE se nuwe rektorsvrou, mev Annette Kirsten, was 'n nooi Hoogenhout wat B.A. en S.O.D. (1967-68) op Stellenbosch verwerf het. Hulle het twee seuns, albei UPE-studente, en 'n dogter op hoër skool.

Nog twee ander universiteite het Oud-Maties as rektore. Hulle is proff Flip Smit (Pretoria) en Francois Retief (UOVS) - wat albei ook ouddosente van die US is.

As u 'n Oud-Matie is...

is dit u kredietkaart.



U Oud-Matie kredietkaart ondersteun u Alma Mater finansieel en gee u terselfdertyd krediet omdat u die regte keuse maak.

Dubbele voordele

U en u universiteit trek voordeel uit u kredietkaart.

Vir die universiteit:

- 'n Finansiële bydrae word aan die Universiteit gemaak elke keer as 'n kaart uitgerek word of wanneer die kaart gebruik word.
- Elke keer as u iets met u kaart aankoop, dra u by tot die prestige van u universiteit.

Vir u:

- Voordele sluit in al die geriewe, dienste en internasionale aanvaarding van MasterCard.



- U kry gereeld 'n katalogus met unieke spesiale aanbiedings – afslag op goedere, dienste en ontspanningsaktiwiteite.
- U wys u steun vir u universiteit.

Gebruik die kredietkaart wat u verkies

Met al die voordele vir u en vir u universiteit, sal u vind u verkies om eerder die Oud-Matie kredietkaart te gebruik as enige ander kredietkaart wat u mag hê.

Vir diegene wat kwalifiseer is daar ook 'n Universiteit van Stellenbosch Goue MasterCard met talle bykomende voordele. Pos net die koepon en u sal 'n brosjure en aansoekvorm kry.

As u 'n Oud-Matie is, dan is hierdie MasterCard u kredietkaart.

Pos hierdie koepon aan: ABSA Kaartafdeling, Universiteitskredietkaartprogram, Posbus 1544, Bellville, 7530.

JA! Stuur my asseblief 'n Oud-Matie kredietkaartaansoekvorm en brosjure.

Titel **Voorletters** **Van**

Adres

Poskode **Tel nr: (W)** **Kode** **Taalvoorkeur** **Afr** **Eng** **Ouderdom**

ABSA Bank Beperk handeldrywend as: United Bank, Volkskas Bank, TrustBank en Allied Bank.

(ALUM)

Fourteen students from Korea are studying for their master's or doctor's degrees at the Faculty of Theology. They are enrolled in all six departments of the faculty. Three of them became Maties for the first time this year.

The first Korean theology student at Stellenbosch was In-Gyu Hong, who arrived here in 1986 - on the advice of a professor at the Reformed Theological Seminary in Mississippi, USA, where Hong had been a graduate student. Prof Hong, who now lectures at a reformed theological seminary in Seoul, Korea, obtained his master's degree in 1987 and D.Th. in 1991.

While at Stellenbosch, he met Rev Chul H Chun who was working on the Christian mission ship, the Doulos, visiting Cape Town. Rev Chun became the second Matie "tokkelok" from Korea. He graduated with a master's degree in Missiology and is now working at the Seamen's Mission Institute in Cape Town.

These two were followed by the 14 Koreans now studying theology at Stellenbosch. Although some of them have studied in America, most of the Korean Maties came to Stellenbosch straight from Korea - often with a limited knowledge of English.

Though coming to the West is, obviously, a cultural shock for most of them, they soon adapt and are all progressing well with their studies, according to Prof Bernard Combrink, the Dean of Theology.

Their families have accompanied them here. Among the wives are several trained teachers and a former entrepreneur who had her own business in Korea. Members of the Korean "colony" at Stellenbosch now help newcomers from Korea to find accommodation and to settle down in strange surroundings, thousands of kilometres from home.


With their friendliness and courtesy, these Oriental Maties are now a familiar sight at the "Kweekskool"

14 Koreans now at Theology



Prof In-Gyu Hong, who was the first Korean theology student at Stellenbosch. He graduated with a doctorate in New Testament Studies in 1991 and is now teaching at a theological seminary in Seoul.

- the University's stately old theology building at the top of historic Dorp Street. To accommodate them - and other foreign students - post-graduate seminars are conducted mostly in English, said Prof Combrink.



Matie doctoral student Rev Chang-Kyo Jung (centre) bands a copy of the Korean Christian magazine with an article on the University and the Theology Faculty to the Rector and Vice-chancellor, Prof Andreas van Wyk (right). Looking on is Prof Bernard Combrink, Dean of the faculty.

Telling about Stellenbosch, in Korean script: part of the article which was published in a Christian magazine in Korea.

**개혁주의 전통 위에 세워진
남아공 최초의 신학교**

제작: 신학교 순례 10
스탈렌보시 대학
제작: 스탈렌보시 대학 학사부

[Article content in Korean script]

[Image of a building, likely Cape Town University]

[Caption: 'Cape Town, the city where Stellenbosch stands. It is a large, modern university with many buildings and green lawns. The sky is clear and blue. The university is located in a residential area with houses and trees in the background. The main building is a large, white, classical-style structure with many windows and a prominent entrance.]'

Students from Malawi, Zambia, Zimbabwe, the USA, Switzerland, Germany and Japan were among the foreign students at the Kweekskool in recent years. Applications are now being processed from students in three other African countries: Kenya, Nigeria and the Cameroon.

Most of the 14 Koreans want to return to their home country on the completion of their studies at Stellenbosch, though some of them are planning to work as missionaries in Africa or elsewhere. One, Rev K-S Na, is being sponsored by a congregation in Korea, not only to study here but to stay on as a missionary in Africa. He has completed two master's degrees in theology (one in New Testament Studies and one in Missiology) at Stellenbosch and is now doing his doctorate.

At the end of last year a long article on the University, the Faculty of Theology and the Koreans now studying here, was published in an influential Christian monthly magazine in Korea. The ten-page article (with several photographs of Stellenbosch, the University and the "Kweekskool") was written by Rev Chang-Kyo Jung, a doctoral student.

This magazine, *Ministry and Theology*, has a monthly circulation of 12 000. According to Rev Jung it is one of the most widely read periodicals for Korean Christian ministers and scholars in that country and abroad.

'n Nuwe skandeer-elektronmikroskoop wat verlede jaar by die Universiteit in gebruik geneem is, beskik oor die heel nuutste tegnologie en is van die bes toegerustes aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit.

Die apparaat van sowat R750 000 is hoofsaaklik vir opleiding en navorsing in die Departement Houtkunde, maar minstens agt ander US-departemente en -fakulteite en 'n aantal buite-instansies gebruik dit ook.

Die departemente Geologie en Metallurgiese Ingenieurswese gebruik dit ook baie gereeld. Ander gebruikers op die kampus sluit in die departemente Boskunde, Botanie, Plantpatologie en Chemiese Ingenieurswese, Fakulteit Tandheelkunde en Instituut vir Polimeerwetenskap. Nog departemente in die lewenswetenskappe en ingenieurswese gaan binnekort gebruikers word.

Die apparaat word deurlopend benut om praktiese klasse in houtanatomie vir studente in Hout- en Boskunde en Afrikaanse Kultuurgeschiedenis aan te bied.

Die Departement Geologie beskik nou oor een van Suid-Afrika se modernste apparaate vir kapillêre elektroforese - 'n relatief nuwe hulpmiddel wat onder meer in erts-geochemie gebruik word. Daar is landwyd net een soortgelyke apparaat - by die polisie se forensiese laboratorium in Pretoria.

'n Belangrike voordeel van elektroforese is dat baie klein ertsmonsters vir ontleding gebruik word. Dit is ook 'n vinnige en relatief goedkoop ontledingsmetode.

Die instrumentasie is baie kompak; dit is nie veel groter as 'n persoonlike rekenaar nie. Omdat dit uiters doeltreffend is, is dit ook baie koste-effektiif.

Die nuwe apparaat kan vir die meeste elemente opsporings doen

Talle gebruik nuwe super-mikroskoop



Prof Michael Bariska van die Departement Houtkunde verduidelik wat alles met die nuwe skandeer-elektronmikroskoop gedoen kan word. By hom, met die ingebuikeneming van die nuwe apparaat teen die einde van verlede jaar, is prof Walter Claassen, Viserektor (Akademies).

Studente van 'n meubelrestourasiekool in Kaapstad skakel by van dié klasse in.

'n Kursus in mikroskopie en beeldanalise is einde verlede jaar vir die papierbedryf en vir forensiese deskundiges van die polisie aangebied.

Die talte akademiese navorsingsprojekte waarvoor die elektronmikroskoop reeds gebruik is, sluit in kontraknavorsing oor 'n verskeidenheid projekte vir die hout- en papierbedryf.

Onder die gereelde buitegebruikers is die WNNR, Buro vir Standaarde, Instituut vir Kommerciële Bosbounavorsing, universiteite van Kaapstad (argeologie en geologie) en Natal (botanie), staatsbosboudepartement, saagmeulens en firms in die hout- en papierbedryf.

Die US het die grootste gedeelte van die "super"-mikroskoop se aankoopkoste gedra - onder meer uit die Stellenbosch 2000-fonds. Ruim hydraes is ook van die SA Bosbounavorsingsraad en veral die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) ontvang.

Geologie spog met moderne, klein ontleder



Proff Dieter Hallbauer (voor) en Ingo Hälbich, albei van die Departement Geologie, by die nuwe apparaat waarmee kapillêre elektroforese-ontledings gedoen word.

van tot een deeltjie per miljoen - en dit kan tot 'n deeltjie per biljoen opgeskuif word.

Elektroforese het ontwikkel uit

deurbraak op die gebied van ontledingsmetodes in die afgelope twee dekades. Terselfdertyd het daar al hoe meer inligting beskikbaar

geword oor die voorkoms van spoorelemente in enkele mineralekorrels - wat meegebring het dat geochemici al hoe minder waarde aan handmonster-ontledings begin heg het.

Hoewel die kapillêre elektroforese-apparaat hoofsaaklik vir navorsing en opleiding in die Departement Geologie gebruik word, is dit ook beskikbaar vir ander US-departemente soos Soölogie, Mikrobiologie, ens.

Die aankoop van die nuwe apparaat teen meer as R55 000 is deur die Afdeling Navorsingsadministrasie moontlik gemaak - en veral deur die bemiddeling van prof Walter Claassen, tans Viserektor (Akademies) wat tot einde verlede jaar Direkteur: Navorsing was.

Scholtz-versameling gerestoureeer

Die Universiteit se restaurateur, mnr Henri Wirth, het pas een van die waardevolste en omvattende kunsversamelings in die land klaar gerestoureeer. Oud-Matié prof J du P ("Canis") Scholtz van Kaapstad het dié kosbare versameling van meer as 300 werke met sy dood in 1990 aan die US nagelaat.

Dit het sowat drie jaar geneem om slegs die grafiese werke - die grootste deel van die versameling - te restoureeer. Mnr Wirth sê hy het internasionale standarde met die restaurasie toegepas. Slegs suurvrye papier uit Amerika is gebruik om die werke te monter en te raam. "Dit behoort oor 'n eeu nog net so goed bewaar te wees."


Al die werke het nou eenvoudige, silvergrys-kleurige rame. Deur die gebruik van montering is al die grafiese werke, behalwe enkele grotes, binne slegs drie raamgroottes ingepas.

Mnr Wirth het prof Scholtz in die jare voor sy dood goed leer ken en dikwels die versameling se bewaring met hom en sy vrou, mev Ena Scholtz, bespreek. "Hy het eintlik glad nie van rame vir sy grafiese werke gehou nie, maar om dit te beskerm, moet 'n mens dit raam - mits dit natuurlik reg gedoen word!" Mnr Wirth meen prof Scholtz sou tevreden gewees het met die eenvoudige, amper onopvallende rame wat elke kunswerk tot sy reg laat kom en terselfdertyd die grafiese deel van die versameling saambind.

Hoewel die olieverwerke in die versameling minder restaurasie nodig gehad het, moes dit ook aandag kry. Sommige doeke moes oorgespan word, vernislae moes verwyder word en gekraakte verfoppervlakke moes herstel word.

Mnr Wirth het met die restaurasie begin nadat die grootste deel van die versameling teen die einde van 1988, meer as 'n jaar voor prof Scholtz se dood, reeds aan die US oorgedra is.

Prof Scholtz - 'n afgetrede



Mnr Wirth met van die grafiese werke in die Scholtz-versameling wat by onlangs klaar gerestoureeer het.

Afrikaanse taalkundedosent aan die Universiteit van Kaapstad - het die keurige versameling gedurende 1921 tot 1985 sorgsaam opgebou. Die waarde daarvan word op meer as R2 miljoen beraam. Hy het self baie van die buitelandse kunstenaars se werke in Europa gekoop.

Altesaam 40 moderne Europese kunstenaars word deur 119 werke, meestal uit die vyftiger- en sestigerjare, verteenwoordig. Daar is ook werke van 'n dertigtal Suid-Afrikaanse kunstenaars.

Die Scholtz-versameling - wat ook 'n aantal beeldhouwerke insluit - word op 'n roterende basis in die Sasol Kunsmuseum, in die Eben Dönges Sentrum, Ryneveldstraat, uitgestal. Ook ander versamelings van die Universiteit se permanente kunsbesit word deurentyd daar (ook op 'n roterende basis) uitgestal, byvoorbeeld die Maggie Laubser-versameling van sowat 160 werke, die 19de eeuse Solomon Caesar Malan-versameling en die groot Christo Coetzee-versameling van moderne werke.



Prof Van der Merwe (links) en mnr De Kock

Apparaat van R1,4 miljoen

'n Elektrosproei massaspektrometer wat teen 'n koste van sowat R1,4 miljoen by die Universiteit geïnstalleer is, is die eerste in sy soort in Suid-Afrika. Dit word as 'n nasionale multigebruikers-fasiliteit bedryf.

'n Toekenning van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) - wat deur die Universiteit met 'n ruim bydrae uit die Stellenbosch 2000-fonds aangevul is - het die aankoop van die nuwe apparaat moontlik gemaak.

Die verkryging van dié voorste tegnologie bevoordeel nie net 'n 30-tal navorsers van vyf fakulteite aan die US nie, maar ook navorsers van oral in die land. Navorsers van ander universiteite en van private firmas en navorsingsinstansies uit alle dele van Suid-Afrika kan ook die nuwe massaspektrometer gebruik.

Dit is in die laboratorium van prof Kirsten van der Merwe van die Departement Biochemie geïnstalleer. Mnr Schalk de Kock van die departement staan prof Van der Merwe by met die bedryf van die nuwe toerusting.


Elektrosproei massaspektrometrie is 'n nuwe hoëtegnologie-ontwikkeling met verrekende toepassings - veral in die biochemiese, biologiese en biotegnologiese gebiede.

"Dit verteenwoordig die mildste vorm van massaspektrometrie en is in staat om uiters klein hoeveelhede wateroplosbare verbindings soos geneesmiddels, metaboliete, hormone en gifstowwe te bepaal," sê prof Van der Merwe.

Dit kan ook groot moleküle, soos proteïne, analyseer - waardeur verskeie genetiese defekte byvoorbeeld nou met ongekende spoed en akkuraatheid bepaal kan word.

US-navorsers van die departemente Biochemie, Chemie, Mikrobiologie, Botanie, Soölogie, Genetika, Mens- en Dierfisiologie, Radiologie, Farmakologie, Chemiese Patologie en Geneeskundige Biochemie asook die Instituut vir

US-wingerd wen blokkompetisie



by die nuwe elektrosproei massaspektrometer.

miljoen 1ste in SA

Polimeerwetenskap is onder die massaspektrometer se gebruikers op die kampus.

Meer as die helfte van dié 30-tal US-navorsers op die Stellenbosch- en Tygerberg-kampusse verkry SNO-steun vir hul projekte.

Personeel van 'n aantal ander universiteite is onder die navorsers landwyd wat hul steun aan die US toegesê het vir die verkryging van SNO-steun om die apparaat aan te koop. Onder die nie-universiteitsgebruikers wat dit gesteun het, is mediese navorsers, instansies in die wingerd-, wynbou- en vrugtebedryf en die navorsingsafdelings van 'n aantal private maatskappye.

Die nuwe apparaat is met die kongres van die SA Biochemie-vereniging, wat in Januarie by die US gehou is, bekend gestel. Na die kongres het 'n aantal navorsers 'n werkinkel daaroor bygewoon.

Die talreke moontlikhede wat die nuwe elektrosproei massaspektrometer bied, kan Suid-Afrikaanse navorsers in uiteenlopende velde stimuleer om oorspronklike navorsingsresultate met verrekende gevolge te lewer, sê prof Van der Merwe.

Hy meen die plasing van die apparaat aan die US kan baie bydra tot die opleiding van jong wetenskaplikes, en kan help om SA kundiges vir die toekoms te lewer.

Prof Van der Merwe is sedert sy doktorale studie in die vyftigerjare aan die Universiteit van Göttingen, Duitsland, deeglik vertroud met massaspektrometrie. Hy het deur die jare verskillende vorms daarvan in sy navorsing gebruik en het deurentyd met die nuutste ontwikkelinge op dié gebied vertroud gebly.

Sedert 1991 tot vroeër vanjaar het prof Van der Merwe jaarliks navorsingsbesoeke aan Brittanje gebring wat hom in staat gestel het om deeglik op hoogte te bly met die heel nuutste ontwikkelinge in elektrosproei massaspektrometrie.



Mnr Vaatjie Jacobs, prof Piet Goussard en dr Eben Archer, al drie van die Departement Wingerdkunde, by die wenblok

Die Departement Wingerdkunde het die KWV se nasionale Wingerdblokkompetisie vir Stellenbosch vir 1994 gewen.

Dit was die eerste keer dat die departement deelgeneem het aan die kompetisie - wat reeds enkele jare bestaan en waarvoor daar in die verskillende streke op 'n strawwe basis meegeding word.

Die toekenning is gekoppel aan 'n wisseltrofee wat later vanjaar tydens die Jongwynskou op Stellenbosch oorhandig gaan word.

Die wenblok (Merlot-/R99-onderstokke) is in 1988 op die Welgevallen proefplaas gevestig - op grond teen die hange van Stellenboschberg waar daar voorheen ook druive verbou is.

Die wingerdblok is onderwerp aan streng beoordeling deur 'n paneel van kundiges wat deur die KWV saamgestel is. Daar is veral gekyk na hoe goed lang- en korttermynprak-

tyke beplan en toegepas is.

Uitstaande kenmerke van die wenblok is die egaliteit van stand sowel as die uitstekende resultate wat deur die toepassing van korrekte lowerbestuurspraktyke verkry is.

Hierdie goed deurlugte lower is onder andere die gevolg van die toepassing van korrekte plantwydte, snoemethodiese, spasiëring van draers en posisionering van lote in die prieelstelsel.

Spanpoging

Volgens prof Piet Goussard, hoof van die Departement Wingerdkunde, is dié prestasie te danke aan 'n spanpoging van die onderskeie personeellede om nuwe wingerde op Welgevallen te vestig. Die wingerde word op 'n kommersiële skaal bedryf, maar word veral vir studente-onderrig aangewend.

Hierdeur slaag die departement uitmuntend daarin om opleiding en inkomstegenerering met mekaar te kombiner.

Wynmakery

Mnr J (Vaatjie) Jacobs, senior tegniese beampete van die departement, was ten nouste vir die wingerd - waarvan die driuwe aan Stellenbosch Boerewynmakery gelewer is - verantwoordelik.

Volgens prof Goussard is dit baie bemoedigend om die kompetisie te wen. Dit toon dat die departement Wingerdkunde oor die vermoë beskik om te voldoen aan die hoë standarde wat deur die bedryf in terme van die verbouing van kwaliteitdruwe gestel word.

Nashua het onderneem om vir minstens drie jaar die hoofborg van Matie-rugby te wees. "Daarsonder is dit nie moontlik om ons spelers die ervaring en geleentheid te gee wat nodig is om die geweldige potensiaal in ons klub te ontwikkel nie," het die klubpresident, mnr Jannie Engelbrecht, gesê toe die borgskap bekend gemaak is. Die klub se spelers heet nou die "Nashua-Maties."

Mnr Engelbrecht het gesê Nashua is 'n leier wat na uitmuntendheid op die gebied van kantooroutomatisering streef. "Ons is trots om die Nashua-banier en hierdie verbintenis op die veld te dra." Hy glo dit kan 'n "wenkombinasie" wees.

"Sport in Suid-Afrika sou nie die punt bereik het waar dit vandag staan as dit nie was vir die ondersteuning en borgskappe van die land se groot maatskappy nie. Oor die jare het Nashua talle puik sportmense en -spanne geborg. Die Stellenbosch Rugbyvoetbalklub is geëerd om onder hierdie sportpresteerders te tel en ons sal ons bes doen om waardige ambassadeurs vir ons borg, sowel as vir ons klub en land te wees."

Die rugbyklub is die derde oudste in die land en spog met 'n trotse rugbyverlede, het mnr Engelbrecht gesê. Die klub het reeds 134 Springbokke - waaronder elf toetskapteins - opgelewer en het die Nasionale Klubkampioenskapstitel al vir 'n rekord sewe keer verower.

Kosbuisrugby

Met agt senior en junior kluspanne en 46 kosbuispanne wat in drie ligas teen mekaar meeding - en met 1 300 geregistreerde rugbyspelers waaruit sy spanne saamgestel word - is dit die grootste rugbyklub in die wêreld.

"Ek glo van harte dat dié besondere klub een van die voorstes van alle tye kan wees en ons volle finansiële ondersteuning verdien," het

Nashua word Matie-rugby se hoofborg



Mnr Engelbrecht bou 'n Matie-rugbytrui vas waarop die Nashua-embleem nou vertoon word en mnr Jac Moolman dra 'n ere-klubbaadjie wat mnr Engelbrecht aan hom oorhandig het.



Nashua Boland se besturende direkteur, mnr Don McDiarmid (links voor) en die rugbyklub se hoofafrigter dr Gerrit Pool (regs voor) by Nashua-Maties Jaco Tauta, Nico Wegner, Louis Blom en Christiaan Scholtz, wat al vier reeds vir WP - en Wegner ook vir die Springbokke - uitgedraf het.

mnr Jac Moolman, Nashua se besturende direkteur, gesê.

Volgens hom is die maatskappy se belegging in sport 'n manier om dankie te sê vir sy klante wat hom oor die jare ondersteun en gehelp het om sy leiersposisie op die gebied van kantooroutomatisasie te bereik. "Ons glo ons sportborgskap is 'n gepaste manier om iets terug te sit in 'n land wat ons soveel gegee het."

Mnr Engelbrecht het gesê na die klub se geslaagde buitelandse toer einde verlede jaar, word 'n binelandse toer vir die Nashua-Maties in die komende wintervakansie beplan. "Dié toere is waardevolle ondervinding vir die spelers en dra baie tot hulle ontwikkeling by."

Nog 'n hoogtepunt wat vir die klub in die komende seisoen voorlê, is 'n spesiale gedenkwedstryd ter nagedagtenis aan Dok Danie Craven op 10 Oktober - die dag voor wyle dr Craven se verjaardag. Daar word nog onderhandel om vir dié wedstryd 'n gepaste teenstander vir die Nashua-Maties te kry. ■

Die Maties se rugbytoer na Brittanie einde verlede jaar was 'n groot sukses. Hulle het goeie oorwinnings behaal in al vier hul wedstryde - en selfs 'n behoorlike weghoopwinning van 71-14 teen Loughborough-universiteit, voorverlede jaar se Britse universiteitskampioen.

'n Vyfde wedstryd wat vir die toer beplan was, teen Welsh Academicals in Llandovery, moes afgelas word vanweë uiters slegte weer - en 'n veld wat heeltemal onder die water was.

Die toer was 'n gulde geleentheid om eerstehands kennis te maak en deel te hê aan speltoestande in die buiteland en om die krag van klubspanne daar en die reëltoepassing deur hul skeidsregters te ervar, sê mnr Belius Potgieter, direkteur van die Sportburo, wat ook die toerbestuurder was.

Die toerspan het uit 26 spelers bestaan, met Johan Burger (flank) as kaptein en Louis Blom (slot) die onderkaptein. Dr Gerrit Pool was die afrigter. Prof Herman van Niekerk (spanbestuurder) en dr Francois Malan (spandokter) was ook saam.

"Spelers en bestuurslede het baie op die toer geleer. Dit sal beslislike voordele vir die klub en sy spelers hé om minstens elke 3-4 jaar 'n span oorsee te stuur," sê mnr Potgieter. Hy meen die waarde van die afgelope toer gaan vanjaar duidelik op die speelveld blyk.

Segetoer vir rugbyspan in Brittanie



Die Maties oefen in die koue Britse winterweer. Hulle het vinnig by dié weertoestande en by die speelpatroon daar-aangepas.

ondanks die feit dat die klub na die toer van die spelers wat saam was, verloor het.

Topafrigter

Dr Pool het sy status as topafrigter gewis gestand gedoen, sê mnr Potgieter. "Die voorbereiding vir die toer was onder moeilike omstandighede. Vanweë die eksamens was daar min tyd om die span as geheel in Suid-Afrika voor te berei.

"Danksy dr Pool se leiding en sy kennis van Europese toestande kon die span besonder vinnig by die weertoestande en speelpatroon daar aanpas. Dr Pool is 'n rugbydenker by uitnemendheid en sy vermoë om

sy rugbykennis oor te dra, maak van hom 'n uitstekende afrigter," sê mnr Potgieter.

Voor hul eerste wedstryd - teen die Moseleyklub - het die Maties twee maande lank geen rugby gespeel nie. Hoewel dit met die wedstryd gereën het en die veld baie nat was, het die Maties met 15-6 gewen - 'n prestasie want dié sterk klub het op hul toer deur Suid-Afrika verlede jaar onder meer vir Villagers geklop. Die Maties het boonop baie probleme met reëlver-

tolking gehad - soos die Springbokke ook verlede jaar ervaar het.

Na die tweede wedstryd - teen Loughborough-universiteit - was die Maties se derde wedstryd teen Destination Disney, 'n sterbelaide internasionale vyftiental wat onder meer Engelse, Skotse en Australiese internasionale spelers ingesluit het. Boonop was die speeltoestande haglik, met afwisselende reën en 'n stormsterk wind van meer as 100 kilometer per uur. Die Maties het 15-3 gewen.

Die vierde wedstryd was teen die Belvedere-klub in Dublin waar daar - ondanks 'n nat veld en 'n sterk wind - oop rugby gespeel is. Die Maties het van die eerste fase af aanvalle geloods, nege keer gedruk (waarvan vier drieë verdoel is) en met 53-29 gewen.

Frankryk

Na die toer van meer as twee weke deur Brittanie het die span vier dae in Frankryk deurgebring. Enkele spelers het op hul eie langer in Europa agtergebley.

Mnr Potgieter praat met baie lof van die spelers se gedrag op die toer. "Hul toewyding aan die spel is 'n groot bate vir die Universiteit. Onder alle omstandighede was hulle ware ambassadeurs vir rugby, die Universiteit en Suid-Afrika."

Slypskool oor kabaret



Die Dramadepartement het 'n weeklange simposium en 'n slypskool aangebied om prof Hennie Aucamp, bekroonde Afrikaanse skrywer wat einde verlede jaar as US-dosent agetree het, se hydrae tot die Afrikaanse kabaret te huldig. Referate, paneelbesprekings en werkwinkels oor die praktiese kabaret is aangebied. 'n Kabaretprogram. Wie gryp kry 'n handvol, uit die werk van Hennie Aucamp, is onder Mark Graham se spelende opvoer. By die kabaret was, van links, sanger Coenie de Villiers, prof Aucamp, mnr Herman Pretorius, hoof van die Departement Drama, en Mark Graham.

VILLA JONDE

STELLENBOSCH
Bed en Ontbyt
GASTEHUIS * GUESTHOUSE

Bied ruim en-suite verblyf stafafstand van middedorp en Universiteit.

Veilige parkering op terrein. Mooi tuin met braaieriewe.

Gesinne welkom.

Geniet die gasvryheid en persoonlike aandag van eienaars,
Johnny en Desiré Pitzer.

Noordwal-Wes 27, Stellenbosch, 7600 tel: 021-8833568

Terwyl Sanlam-poliseienaars se geld groei, kry hulle ook volpunte op ander terreine.

Opvoeding en opleiding is die hoeksteen van 'n sterk nasie. Daarom lewer ons poliseienaars se beleggings ook 'n bydrae om ons kinders die beste moontlike geleenthede te bied.

Sanlam lewer reeds jare lank 'n ruim bydrae tot onderrig op alle vlakke deur skenkings en aktiewe betrokkenheid. Ons ondersteun projekte aan tersiêre inrigtings. Voorsien fondse vir boeke en inligtingstelsels aan biblioteke. Help met

die opgradering van onderwysers. Gee 'n hupstoot aan geletterdheidsprogramme. En staan matrikulante by deur Saterdagsskole aan te bied.

Aangesien Sanlam geen aandeelhouers het nie, behoort dit net aan ons poliseienaars. Die maatskappy se winste is hulle s'n. Maar die geleenthede wat hul geld skep, bevoordeel ons

land en al sy mense – ook dié wat na opleiding en opvoeding hunker. En dra só by tot 'n mooier toekoms.



Dagbladjoernaliste besef nie aldag dat hulle geskiedenis maak nie. Hul werk word mettertyd 'n belangrike bron van navorsing, het prof Piet Cillié, afgetrede stigter-hoof van die Joernalistiek-departement, gesê toe hy 'n katalogus van sy groot dokumenteversameling wat in die JS Gericke-biblioteek bewaar word, in ontvangs geneem het. Hy het self meer as drie miljoen woorde vir publikasie geskryf, het prof Cillié gesê.

Sy versameling van sowat 5 000 dokumente beslaan 4m rakspasie in die biblioteek se dokumentesentrum. Dit dek die tydperk tot sy afrede as Burger-redakteur in 1976, voordat hy in 1977 professor op Stellenbosch geword het.

Sedert 1988 skenk Nasionale Pers jaarliks 'n groot bedrag aan die Universiteit, wat gehelp het om die Piet Cillié-versameling vinniger te katalogiseer en te indekseer.

Dié taak is teen die einde van verlede jaar afgehandel. Die katalogus van die versameling bestaan uit drie dele - twee wat die 5 000 stukke beskryf en die derde 'n omvattende indeks daarvan.

Piet Cillié se 3 miljoen woorde



Prof Mike de Vries (regs) en mev Renée de Vries by prof Piet Cillié met die oorhandiging van die drie dele van die katalogus oor sy groot dokumenteversameling.

Drie kwart van dié versameling is joernalistiese korrespondensie. Die res is verslae, persbydraes en dies meer.

Die dokumenteversamelings van sy broer, prof Gawie Cillié, 'n afgetrede wiskundelosent van die US, en hulle pa, prof GG Cillié sr. -

wat met universiteitswording in 1918 die eerste US-rektor was - is ook in die dokumentesentrum. Daar is ook versamelings van elk van prof Piet Cillié se voorgangers as redakteur van Die Burger.

Mev Renée de Vries, 'n oud-rektorsvrou, het namens die US eksem-

plare van die drie katalogus-dele aan prof Cillié oorhandig. Sy is die dogter van wyle dr Phil Weber, wat ook 'n oudredakteur van Die Burger was.

Prof Cillié het gesê dit is vir hom 'n eer dat die Universiteit hom gevra het om sy dokumente aan die US-biblioteek te skenk. Dit sou na die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die UOVS gegaan het, maar vanweë sy noue betrokkenheid by die US en omdat sy pa en broer se versamelings hier gehou word, het hy gevra dat sy dokumente ook deur die US bewaar word.

Oudrektor prof Mike de Vries het in sy toespraak by die oorhandiging van die Cillié-katalogus gesê hy is daarvan oortuig dat prof Cillié se dokumente sedert 1976 ook later by die versameling gevoeg sal word.

Die dokumentesentrum het in 1970 tot stand gekom en het reeds meer as 260 versamelings - waaroor die personeel soos 'n hen oor haar kuikens waak omdat dit vir hulle 'n liefdestaak is, het prof De Vries gesê.



Prof Isabel Hofmeyr

'n 65-jarige Oud-Matié en WP-meestersatleet, Isabel Hofmeyr, het eind verlede jaar twee wêreldrekords opgestel en drie goue medaljes asook een silwer

Wêreldrekords vir oudprofessor

medalje by die Meesters-Wêreldbyeenkoms vir veteraanatlete in Mijazaki, Japan, verower.

Prof Hofmeyr, afgetrede hoogleraar in Verpleegkunde aan die US, het wêreldrekords in die 80 (18,33 sek) en die 300 (65,67) hekkiesnommers opgestel. In die 400 m naelloop het sy goud verower en silwer in die 200 m.

In die tagtigerjare het sy ernstig aan atletiek begin deelneem en in 1990 Springbokkleure gekry. Sy het drie halfmarathons en een marathon op haar kerfstok.

Volgens prof Hofmeyr het sy na skool nooit aan atletiek deelgeneem

nie. "Die atletiekgoggas het my heelwat later in my lewe gebly. Ek neem nie meer aan marathons deel nie, maar lê my toe op korter afstande." Hoe lank gaan sy nog aan atletiek deelneem? "Solank ek gesond is, sal ek aanhou. Ek het al dikwels moedeloos geraak."

Prof Hofmeyr sê 'n suksesvolle atleet moet baie selfdissipline hê. "Jy moet ook 'luister' na jou liggaam en versigtig wees vir ooreising."

Aan diéte glo sy nie en eet net waarvoor sy lus het. Wanneer sy vir 'n byeenkoms voorberei, oefen sy vyf dae per week. In die begin van die

seisoen doen sy staminawerk. Later in die seisoen lê sy meer klem op vaart.

Volgens prof Hofmeyr kon sy al aan baie meer internasionale byeenkomste deelgeneem het as dit nie vir die isolasie-spoek was nie. Om boikotte te omseil, het sy in 1985 as Amerikaner in Rome aan 'n internasionale byeenkoms deelgeneem. Dieselfde jaar het sy ook as lid van die Amerikaanse span in Switserland deelgeneem.

Haar volgende mikpunt is om aanstaande jaar in die stad Buffalo in die VSA aan 'n veteranebyeenkoms deel te neem. Benewens atletiek het prof Hofmeyr ook 'n groot belangstelling in die kweek van bonsai-boompies. Sy behoort aan die Kaapse Bonsai Kai en het al heelwat pryse met haar inskrywings gewen.

1993-JAARVERGADERING VAN DIE KONVOKASIE

(In die HB Thom-teater, 2 Desember 1993)

Aanwesig: Proff. B. Booyens (President en Voorsitter), T. Pauw (Visepresident), mnr. J.A. Aspeling, mev. I.A. Barnard, prof. W.S. Barnard, mnr. W.J. Bekker, mev. A.M. Beyers, dr. B.G. Beyers, ds. J.M. Blignaut, mev. J.S. Booyens, mnr. W.P. Burger, prof. G.G. Cillie, mev. E.J. Cilliers, prof. S.P. Cilliers, dr. V. Claassen, prof. W.T. Claassen, mev. A. Coertzen, proff. P. Coertzen, H.J.B. Combrink, mnr. R.P. Conradie, prof. J.J. Cruywagen, mnr. J.H. de Jongh, prof. P.R. de Kock, mev. J.S. de la Bat, mnre. R.S. de la Bat, C.J. de Villiers, dr. D.P. de Villiers, mev. M. de Villiers, prof. P.J.G. de Vos, mev. S.W. de Vos, prof. M.J. de Vries, mev. R. de Vries, prof. P.J. de Wet, mev. E.P. de Witt, mnr. P.A. de Wit, mev. A.E. Dreyer, mnre. H.S. Dreyer, S.A.P. Dreyer, proff. T.P. Dreyer, J. du Preez, mev. C.S. Esterhuyse, dr. J.H. Esterhuyse, mnre. J.L. Fechter, H.H. Gebhardt, prof. J.H. Giliomee, mev. W.C. Giliomee, mnr. N.C. Goosen, mev. W. Goosen, dr. M. Hanekom, prof. G.L.F. Hartwig, mevv. J.M. Hartwig, C. Hattingh, dr. D.J. Hattingh, mev. E. Haupt, dr. P. Haupt, mnr. J.P. Holtzhausen, mev. S. Holtzhausen, dr. F.A. Janse van Rensburg, mev. R.E. Joubert, prof. C.A. Kapp, mnr. J.D. Knoblauch, prof. A.P. Kriel, mevv. E.M. le Roux, E.N. le Roux, mnr. M.S. le Roux, dr. P.J. le Roux, mnre. P.J. le Roux, E. Louw, mev. E.M. Louw, mnre. W.J. Louw, prof. L. Loxton, mnre. A.D. Lückhoff, G.D. Malan, prof. D.J. Marais, mev. M.C. Marais, mnr. I.F. Mocke, prof. J.C. Morgenthal, dr. L.M. Muntingh, mev. B.E. Olivier, proff. C. Olivier, J.P.J. Olivier, mnre. J.R. Olivier, J.C. Oosthuizen, mev. J.M. Oosthuizen, dr. S.J.P. Oosthuizen, prof. T. Park, mevv. H.B. Pauw, P.J. de V. Pienaar, mnre. S.A.M. Pienaar, F.W. Pohl, mev. L. Rabie, mnr. F.S. Robertson, prof. A. Rozendaal, mevv. D. Rozendaal, C. Smit, mnr. E. Smit, mev. I. Smit, dr. J.H. Smit, E.L.P. Stals, C.H. Stander, mev. M. de V. Steyn, mnre. P.G. Steyn, H.J. Terreblanche, mev. R. Terreblanche, mnre. J.P. Theron, L.M. Toerien, H.J. Truter, D.S. Uys, mevv. E. Uys, G. van der Horst, dr. J.G. van der Horst, ds. J.C. van der Spuy, prof. P.W. van der Walt, mnr. H.P. van der Westhuizen, dr. D.J. van Niekerk, J.F. van Niekerk, mnr. F.A. van Schalkwyk, prof. A.H. van Wyk, mev. M. van Wyk, mnr. A.J. van Zyl, mev. H. van Zyl, mnr. H.B. van Zyl, prof. H.C. Viljoen, dr. D.J. Visser, mnre. J. Visser, M.E. von Dürckheim, mev. M.G. von Dürckheim, mnr. L.L. von Zeuner. (Die presensielys is ook deur 15 besoekers voltooi).

1. Opening en verwelkoming: Op versoek van die Voorsitter open prof. H.J.B. Combrink. Dekaan: Fakulteit Teologie, die vergadering met 'n gebed. Die Voorsitter verwelkom die aanwesiges en rig 'n besondere woord van verwelkoming tot die Kanselier, dr. J.G. van der Horst, en mev. Van der Horst, die Rektor en Visekanselier, prof. A.H. van Wyk, en mev. Van Wyk, die Voorsitter van die Universiteitsraad, dr. D.P. de Villiers, en mev. De Villiers, lede van die Raad en hulle eggenotes, die Viserektor (Bedryf), prof. H.C. Viljoen, en mev. Viljoen, die Aangewese Viserektor (Akademies), prof.



Prof. Bun Booyens (naaslinks), wat vir 'n derde tweejaar-termyn as President van die Konvokasie berkies is, en prof. Theo Pauw (naasregs), wat ook vir 'n derde termyn die Visepresident is. By hulle is prof. Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier, en dr. Jan van der Horst, die Kanselier.

W.T. Claassen, en mev. Claassen. Die Voorsitter rig ook 'n spesiale woord van verwelkoming aan prof. H.W. Rossouw, uitstredende Viserektor (Akademies), en mev. Rossouw, prof. M.J. de Vries, afgestreden Rektor, en mev. De Vries en aan prof. G.G. Cillie, voormalige President van die Konvokasie.

Op versoek van die Voorsitter staan al die aanwesiges enkele oomblikke op ter nagedagtenis aan die lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering te sterwe gekom het.

Die Voorsitter wys die vergadering daarop dat die jaar 1993 vir die US 'n jaar van besondere mylpale was. Op 2 April 1993 was die

Universiteit 75 jaar oud. Op 'n spesiale gradeplegtigheid is hierdie geleentheid op luisterryke wyse gevier deur die toekenning van 10 eredoktorsgrade. Op 1 Julie 1993 het die nuwe Rektor en Visekanselier, prof. A.H. van Wyk, asook die Viserektor (Bedryf), prof. H.C. Viljoen, hulle poste aanvaar, en met ingang 1 Augustus 1993 het die aangewese Viserektor (Akademies), prof. W.T. Claassen, in sy nuwe pos begin waarneem tot hy op 1 Januarie 1994 die leisels ten volle oornem.

Verlede jaar het die Voorsitter vermeld dat 'n Oud-Matjie, mev. Jesse Frean, 100 jaar oud geword het. Sy het intussen 101 geword. Vanjaar het nog 'n Oud-Matjie, die Oud-Dagbreker mnr. Jan Lotter, 100 jaar oud geword. Die Voorsitter wens hierdie besondere twee lede namens die Konvokasie met hulle verjaarsdae geluk.

2. Konstituering: Die Voorsitter verklaar dat die vergadering gekonstitueer is ooreenkomsdig 'n kennisgewing wat in die Staatskoerant en in sekere dagblaaie gepubliseer is.

3. Notule: Die notule van die vergadering van 3 Desember 1992, wat in Matieland gepubliseer is, word as gelees beskou, in orde bevind en deur die Voorsitter onderteken.

4. Geleenheidspreker: Die Voorsitter stel die geleenheidspreker, prof. A.H. van Wyk, Rektor en Visekanselier, aan die gehoor voor. Prof. Van Wyk neem die leisels van die US oor in 'n tydsgewrig van groot onsekerheid op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied. Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op hom om deur skeppende denke en innoverende optrede die karakter en kultuur van ons Alma Mater te bewaar en te bevorder.

Prof. Van Wyk spreek die vergadering toe oor die onderwerp "Onderrig en navorsing van gehalte - die uitdaging vorentoe", en wys daarop dat 'n vergadering van die Konvokasie 'n geleentheid is om in die familie te praat en na binne te kyk. Die US se verklareerde strewe na gehalte is, in die lig van die internasionale strewe na "Total Quality Management", 'n noodsaklike voorwaarde vir sukses en oorlewing in hoër onderwys. Die sukses van 'n universiteit word deur die kwaliteit van sy bestuur, personeel en studente bepaal. Waar die US oor die beste studentemateriaal in die land beskik, is dit ook

nodig om die uitsette wat hiermee verband hou, te toon. Universiteite sal in die toekoms moet presteer om 'n regmatige deel van die onderwysbegroting te verkry.

Die resultate van onderrig sal gemeet en toepaslik op direkte en indirekte wyse vergoed moet word. Studente word in 'n al hoe groter mate deelnemende kliënte in gehalteversekering en daar word vrae gevra oor sake soos oordosering, ooreksamining, die waarde van die formele voorlesing, akademiese oorbrugging, die relevansie van opleiding, die doseervermoë van dosente en inspraak by aanstellings.

Ook ten opsigte van navorsing word verantwoording gevra. Daar is 'n onontbeerlike samehang tussen navorsing en onderrig. In die RSA sal daar, soos elders in die wêreld, waarskynlik 'n duidelike diversiteit tussen universitaire instellings ontstaan. Sommige universiteite sal hulle grootliks op vooraadse onderrig toespits, terwyl ander daarbenewens ook navorsing en nagraadse onderrig van gehalte sal lewer. Die US is, wat navorsingsuitsette betref, nog nie by die boonste 3 - 4 universiteite nie, maar ondervind 'n positiewe klimaat in sy navorsergeledere om sy streefe na uitnemendheid ook op hierdie gebied te verwesenlik. Hierdie positiewe klimaat word versterk deur internasionale deure wat vir ons oopgaan en die interne steun wat die US bied. Daar is egter ook probleme: navorsingsapparaat verouder, biblioteekdienste word baie duur en die steun van statutêre navorsingsrade neem af. Die belangrikste bedreiging lê egter in die snel veranderende omgewing waarin daar 'n wetenskaplike voorraadopname, met bevraagtekening van die nut van navorsing, gemaak word. Navorsing is egter welvaartskeppend en kultuurverrykend en daarom onontbeerlik vir die mensdom.

"Stellenbosch verdien in sy 75ste jaar as Universiteit 'n hernieuwe toewyding van almal van ons, 'n toewyding aan die behoud van dit wat reeds t.o.v. onderrig en navorsing bereik is en die vestiging van 'n nog sterker verbintenis tot die hoogste gehalte. Slegs dan sal ons aan ons erfenis getrou wees, maar ook ons toekomsopdrag in hierdie land uitvoer."

Die Voorsitter van die Raad, dr. D.P. de Villiers, bedank die Rektor vir sy rede. Veral die klem wat hy op bestuur geplaas het, is in die huidige tydsgewrig prysenswaardig, aangesien die belang van die Universiteit ten beste gedien kan word deur effektiewe bestuur op alle vlakke, in die besonder ten opsigte van onderrig en navorsing. Die US sal vorentoe finansiell baie meer selfversorgend moet wees en die verpligting van oudstudente sal al hoe groter word. Dit is nodig vir oudstudente om hulle trots in dade te omskep. Dr. De Villiers verseker die Rektor van die steun en bede van die Konvokasie: "Ons laat die US met vertroue in u hande".

Voorts wens dr. De Villiers ook die President van die Konvokasie geluk met die verwerwing van 'n verdere doktorsgraad.

5. Onbestrede voorstelle word in die volgende kategorieë voorgedra:

(a) Gelukwense aan lede van die Konvokasie met aanstellings/bevorderings, voorgedra deur die Visepresident.

(b) Gelukwense aan lede van die Konvokasie met toekenning en/of pryse wat hulle ontvang het, voorgedra deur die Visepresident. Die Voorsitter wens in hierdie kategorie spesial die Visepresident, prof. T. Pauw, geluk met die ontvangs van die Excelsioroekening van die Departement Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling vir sy besondere bydrae in belang van gestremdes.

(c) Gelukwense aan lede van die Konvokasie aan wie eredoktorsgrade tydens 'n spesiale gradeplegtigheid ter viering van die US se 75ste verjaarsdag toegeken is, voorgedra deur die Visepresident.

(d) Gelukwense aan lede van die Konvokasie aan wie eredoktors-

grade tydens die Desember-gradeplegtigheid toegeken word, voorgedra deur die Visepresident.

(e) Dr. D.J. van Niekerk stel namens die Konvokasie 'n onbestredre mosie van dank aan die Universiteit van Stellenbosch, die Rektor en die personeel en bedank die Rektor vir die gasvryheid wat lede van die Konvokasie kon geniet. Prof. S.P. Cilliers brei die mosie uit om in die besonder die twee besturuspanne, die oue en die nuwe, in te sluit en wens almal die beste toe vir die toekoms.

6. Verkiezing van President en Visepresident vir die termyn

1 Januarie 1994 - 31 Desember 1995: Die Waarnemende Sekretaris, dr. F.J. Coetzer, vra nominasies vir die amp van President van die Konvokasie vir die termyn 1 Januarie 1994 - 31 Desember 1995. Op voorstel van mnr. F.S. Robertson word prof. B. Booyens onbestredre herkies.

Prof. Booyens neem die voorsitterstoel in en vra om nominasies vir die amp van Visepresident van die Konvokasie vir die termyn 1 Januarie 1994 - 31 Desember 1995. Op voorstel van mnr. S.A.P. Dreyer word prof. T. Pauw onbestredre herkies.

7. Afsluiting: Die Voorsitter bedank alle aanwesiges vir hulle teenwoordigheid en rig 'n besondere woord van dank aan die Sekretaris, prof. S. Kritzinger, die Waarnemende Sekretaris, dr. F.J. Coetzer, en mnr. J.L. Fechter en ander personeel wat behulpzaam was met die reëllyng vir die byeenkoms asook die onthaal in die Sanlam-saal. Hy dra ook sy persoonlike dank oor aan prof. T. Pauw, Visepresident, vir sy aktiewe deelname aan die werkzaamhede van die Konvokasie.

Die vergadering verdaag om 21:05.

Oud-Matie word viserekotor op Potchefstroom



Prof Stef Coetzee, 'n Oud-Matie, het vroeër vanjaar viserekotor (navorsingsontwikkeling) aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO geword. Hy was tot onlangs uitvoerende direkteur van die Afrika-Instituut van Suid-Afrika.

Prof Coetzee het vanaf 1969 aan die US gestudeer en in 1973 met MA

in ekonomiese afgestudeer. In 1980 behaal hy 'n doktorsgraad in Bloemfontein.

Hy was vroeër aan die UOVS en Unisa verbonde en was ook 'n buitengewone professor aan die Universiteit van Pretoria. Daarna was hy direkteur van die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika se Sentrum vir Beleidsontwikkeling.

Prof Coetzee is 'n stigterslid van die Ontwikkelingsvereniging van Suid-Afrika en was ook die vereniging se eerste nasionale voorstaller gedurende 1983-'88. Sy navorsing was op die ontwikkelingsekonomiese toegespits. Hy het 50 publikasies tot sy krediet. Verlede jaar is hy deur "Breakthrough Seminars" as een van die top-besluitnemers in die land aangewys.

Reünies

Bloemfontein



'n Saamtrek vir Oud-Maties in die Vrystaat hoofstad is bygewoon deur, van links, regter David Lombard, voorvorsitter van die Oud-Matiesbond-tak daar, prof Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier, wat die geleentheidspreker was, mnr Ewald Fichardt, by wie se huis die saamtrek gebou is, dr Wim Botha, 'n oud-SR-voorsitter, dr Japie van Lill, rektor van die Technikon OVS, en nog 'n oud-SR-voorsitter, dr Vicki le Roux.



Die oudste en jongste Oud-Maties by die Bloemfontein-reünie. Van links is Michael (oom Cassie) Casaleggio wat in 1928 'n Matie-eerstejaarstudent was. Roelien Bosma en haar man, Paul, heel regs, asook mnr Hennie Steenberg, 'n oudstudent in die landbouwetenskappe wat in 1926 eerstejaar was. Die Bosmas is onlangs getroud. Sy is die dogter van 'n Kweekskoldosent, prof Janne du Preez.

1981-LL.B.'s

'n Verlange na sy Stellenbosse studentedae het Lauren Buys, 'n prokureur van Durban, laat besluit om teen die einde van verlede jaar 'n reünie vir sy klasmaats, 1981 se LLB-finalejaarstudente, op die kampus te beplan. Gerdus Oosthuizen, 'n Kaapstadse prokureur, het die reëlings getref.

Op die program vir die daglange reünie was 'n besoek aan die Ou Hoofgebou wat in 1986 gerestoureer en beringerig is en 'n kampstoer wat die JS Gericke-biblioteek (geopen in 1984) ingesluit het. Daar is onder meer ook by die Lanzerac-hotel en 'n wynlandgoed buite Stellenbosch gekuier. Onder hul destydse dosente wat die Oud-Maties dié dag te sien gekry het, is die huidige Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk, wat saam met die rektorskouer die dineaar dié aand in Die Stal op Coetzenburg bygewoon het.



Twee prokureurs, Werner Welgemoed (links, van Bellville) en Riaan Brink van Keimoes met hul vrouens, Daleen en Marinda, by die reünie.

Liz van Niekerk en John Neudigate (links), twee van die 1981-LL.B.-finalejaarsklaslede wat met mekaar getrou het, by die reünie saam met Martin Sheard en sy vrou Cindy, Hennie Mouton en Ditch Kuhlenkampf.



Prof Gerhard Lubbe, dekaan van Regsgeleerdheid, reüniegangers Belinda van Heerden en (dr) Debbie Hamman (wat nou 'n dosent in die fakulteit is), prof Hennie Erasmus (dosent), Lauren Buys, wie se plan dit was om die reünie te bou, en prof Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier.



Groenewald word Sr. Direkteur: Navorsing

Die US se nuwe Senior Direkteur: Navorsing is prof Johan Groenewald, 'n Oud-Matie wat tot voor dié aanstelling hoof van die Universiteit van Pretoria se sosiologiedepartement en voorheen ook 'n sosiologiedosent aan die US was. Hy het prof Walter Claassen - wat aan die begin van die jaar Viserekotor (Akademies) geword het - as Senior Direkteur: Navorsing opgevolg.

Professor Groenewald is op De Aar gebore en het op Uniondale gematrikuleer. Hy het by die Kontroleur en Ouditeur-Generaal in Johannesburg en by goudmyne aan die Oos-Rand gewerk voordat hy sy studies voortgesit het aan die US - waar hy al sy akademiese kwalifikasies verwerf het.

Gedurende sy akademiese loopbaan was hy ook 'n dosent aan die Universiteit van Kaapstad. Hy het 'n Muschet Educational Scholarship en 'n Harry Crossley-stipendium vir buitelandse studie ontvang. Gedurende buitelandse



Prof Groenewald



Dr Pretorius

besoeket hy aan die London School of Economics navorsing gedoen en lesings oor metodologie aangebied. In 1989 word hy 'n Genoot van die Yale-Wesleyan Universities' Southern African Research Program.

Sy publikasies sluit in twee monografieë en 'n aantal artikels oor navorsingsmetodiek in die sosiale wetenskappe. Sy huidige navorsing handel oor metodologie, relatiewe deprivasie en praktiese van rasselfdiskriminasie in Suid-Afrika.

Hy was 'n stigerslid en ook die laaste president van die Association for Sociology in South Africa, totdat dié liggaam opgeneem is in die South African Sociological Association wat in Januarie verlede jaar met prof Groenewald as sy eerste president tot stand gekom het.

Die nuwe Assistentdirekteur: Navorsing sedert laat verlede jaar is dr Elize Pretorius. Sy het in Maart 1993 'n doktorsgraad in Plantpatologie aan die US verwerf. Vroeër het sy B.Sc., Hons.B.Sc. en M.Med.Sc. (laasgenoemde twee met lof) aan die UOVS behaal.

Sy het agt jaar in reproductiewe biologie-eenhede (onder meer in New York) gewerk en was vir vier jaar 'n navorsing in die Departement Plantpatologie aan die US. Dr Pretorius het reeds 14 referate in Suid-Afrika en vyf op internasionale konferensies voorgedra. Sy het ook 18 wetenskaplike artikels in vrytdagskrifte van hoe internasionale aansien gepubliseer.

Omar Henry coaches Matie cricket



Omar Henry

Omar Henry, one of the country's top cricketers in recent years, has been appointed Chief Sports Officer in charge of cricket coaching and development at the University. Henry represented South Africa in a test match against India as recently as 1993.

The Director of Sport, Mr Belius Potgieter, described Mr Henry's appointment as an exciting and great acquisition for Matie cricket. "This is just the shot in the arm we need and who better to administer it than Omar, a cricket coach of international repute," Mr Potgieter said.

Mr Henry will not only be coaching the University's cricket

teams, but he will also be responsible for the promotion and development of cricket in the broader community. "He will coach at primary and high schools, officiate at cricket gatherings and functions, and negotiate sponsorships for himself and cricket development in particular - the latter in collaboration with the University. If chosen, he would also be able to play provincial cricket again," said Mr Potgieter.

Boland

Omar Henry has lived in the Boland virtually all his life. He had his schooling at Luckhoff High in Stellenbosch and furthered his stud-

ies at the Athlone Technical College.

He has represented three provinces at cricket: Western Province, Free State and Boland. In 1987 he captained Boland. He was a professional player and coach between 1977 and 1992 and achieved considerable fame abroad. He captained Scotland for two seasons and was Director of Coaching for the Scottish and English national teams.

In 1992 he was a member of the South African cricket team which reached the semi finals of the World Cup tournament in Australia.

Uskor - die oudste Afrikaanse studente-welsynsorganisasie - vier vanjaar sy dertigste bestaansjaar. In dié drie dekades het Uskor derdusende Maties in staat gestel om minder bevoordelede se lewens te help verryk.

'n Geneeskundestudent, Krommie van der Merwe, was in 1964 die stukrag agter die ontstaan van Uskor - of Uskor Gemeenskapsdiens soos wat dit vandag bekend staan. Van 'n klein begin het dit gegroeï tot 'n organisasie wat nou oor 'n wye front mediese, tandheelkunde- en maatskaplike sorg aan behoewendes bied.

Net in die omgewing van die Tygerberg-kampus is sowat 1 000 Maties jaarliks betrokke by aandklinieke wat mediese en tandheelkundige dienste lever. Op die Stellenbosch-kampus word 'n verskeidenheid dienste aangebied.


Vir baie Maties is dit 'n eerste kennismaking met die derdewêreld-toestande wat in 'n groot deel van die land heers, sê mev Helena Opperman, skakelbeampte van Uskor Gemeenskapsdiens. "Maties uit gegoede huise maak kennis met werkloosheid, hongersnood, kinderverwaarlozing en ander probleme," sê mev Opperman.

"Dit bied 'n nuwe waardering vir die werklikhede van ons samelwing," sê Uskor se direkteur, mnr Pieter Cloete.


Deur die jare het Uskor se invloed tot ver buite die grense van Wes-Kaapland gestrek. Tandheelkundeprojekte is al in die Richtersveld en Langkloof aangebied en geneeskundestudente het al in vakansietye hulprogramme tot sover as Tranškei aangebied.

Onder Uskor se grootste suksesse is die grondslag wat dit gelê het vir landelike gemeenskapsontwikkeling. Baie van die gemeenskapsprojekte waarby Uskor betrokke was, het later selfstandig geword en op hul eie voortbestaan,

Uskor 30 jaar oud Leerskool in naastediens



Die Departement Gemeenskapstandbeelkunde gebruik dié mobiele kliniek om gemeenskappe - veral op die platteland - te besoek. Behalwe vir die voordele wat dit vir die samelewing het, leer die studente om hul kennis in die praktyk toe te pas en kry balle te doen met die omstandighede en probleme in ontwikkelende gemeenskappe.



Ou Mutual bet onderneem om R100 000 in vier jaar vir Uskor Gemeenskapsdiens se mediese en tandheelkunde-dienste aan agtergeblewe gemeenskappe te skenk. Hier oorhandig die firma se hoofbedryfsbestuurder, mnr Gerhard van Niekerk (links), die eerste paaiement van R25 000 aan die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk.

vertel mnr Cloete. Voorbeeld hiervan is die Dorothea-opleidingsentrum vir gestremde kinders, 'n werkwinkel vir gestremdes, 'n nagskuling en 'n aantal kleuterskole.

Nog werk wat vanaf die Stellenbosch-kampus gedoen word, sluit in voedselhulp aan gesinne in nood; kinder-, gesin- en pleegsorg; naskoolprojekte en onderwyshulp; geletterdheidsprogramme vir volwassenes, jeugprogramme en leierskapsontwikkeling.

Bronne

Mnr Cloete sê Uskor probeer om - binne die perke van sy bronne en vermoëns - die behoeftes van ontwikkelende gemeenskappe volgens hul behoeftes te bedien. "Ons probeer werk waar ons nodig is en waar Uskor Gemeenskapsdiens en die Universiteit geloofwaardig geag word."

Eerder as om 'n groot welsyns- "empire" te bou, het Uskor deur die jare probeer om hul behoeftes te help om hulself te help; om gemeenskappe te help om self na hul welsynsbehoeftes om te sien.


Die Dorothea-opleidingsentrum op Stellenbosch is een van Uskor se "monumente." Dit het ontwikkel uit 'n speelgroep vir verstandelik erg gestremdes wat Uskor in 1978 begin het. Prof Johan du Preez van die Fakulteit Opvoedkunde en personeel en studente van die departemente Menslike Bewegingskunde en Maatskaplike Werk was ook deur die jare betrokke. Die Dorothea-entrum wat hieruit ontwikkel het, is reeds verskeie jare lank onafhanklik.

Vanaf 1991 het Uskor gehelp met sorg aan gestremde volwassenes, wat geleis het tot 'n werkwinkel wat nou onafhanklik van Uskor funksioneer. Die Departement Arbeidsterapie is nog daagliks hierby betrokke.


Sedert 1982 is Uskor betrokke by hawelooses en bosslapers op Stellenbosch. Pepkor het onder



Veertig persent van die gesinne in Uskor Gemeenskapsdiens se bedieningsgebied is enkelmoeder-gesinne. Pleegmoeders vorm byna sewentig persent van die gevalle waarmee Uskor se span maatskaplike werkers daagliks te doen kry. Stokkiesdraai kom algemeen voor en kan later tot misdaad lei. Uskor het ontspannings- en onderwysprogramme vir kinders begin. Hier help 'n student by so 'n program.



Senior geneeskunde-studente bied onder dosente se toesig elke week vier aandklinieke aan in "oorslaapdorp" op die Kaapse Vlakte - waar die mense vroeg soggens werk toe gaan en saans terugkom as die gewone klinieke al gesluit is. In 1993 is 3000 pasiënte so behandel.



Talle Maties is jaarliks betrokke by Uskor se vrywilligerorganisasie, Samaritanus. Hulle bied onder meer geletterdheidsklasse aan. Hier help 'n Matie 'n US-werker om vir die matriek-eindeksamen voor te berei.

meer 'n mobiele kombuis geskenk om voedsel aan dié mense te help verskaf.

Die Fakulteit Geneeskunde en departemente Sielkunde, Sosiologie en Maatskaplike Werk het betrokke geraak en 'n nagskuiling - wat nou

met sy eie bestuur grootliks onafhanklik van Uskor bedryf word - het tot stand gekom. Die Departement Geografie se deeglike navorsing het gesorg dat die skuiling sentraal geplaas is.

Talle Maties is betrokke by

onderwyshulp. Verlede jaar is daar onder meer gereeld Saterdagoggende klasse vir swart hoëskoolleerlinge op die kampus aangebied. 'n Winterskool is ook gereel en die Uskor-kantore is beskikbaar gestel vir leerlinge om hulle vir die matriek-eindeksamen voor te berei.

Die leerlinge en onderwysers van Kya Mandi op Stellenbosch was baie betrokke by die projek - en in die 1993-matriek-eindeksamen was die slaagsyfer van dié dorp se eerste matriekklas 83% teenoor die gemiddeld van 38% landwyd.

Sedert sy vroegste bestaansjare was Uskor in die Stellenbosch-distrik betrokke by die verbetering van plaaswerkers en hul gesinne se lewensgehalte. Die departemente

Maatskaplike Werk, Sielkunde en Huishoudkunde het elk 'n reusbydrae gelewer en van buite die US is die hulp verkry van organisasies soos die Cleto Saporetti Stigting, Wes-Kaapse Streekdiensteraad en Gesinsbeplanning.

Ernstige probleme soos alkoholmisbruik, kindervervaardeling en huweliksverbrokkeling is aangespreek - en hoewel probleme steeds voorkom, is uitstekende voorkomingswerk onder Stellenbosse plaaswerkers deur die jare onder Uskor se leiding gedoen.

Nog een van die baie terreine waar Uskor betrokke was, is die vestiging van regshulpklinieke. Sedert die sewentigerjare is dié klinieke onder die Uskor-vaandel bedryf, totdat dit later onafhanklik van Uskor geword het.

Hoewel die Maties se Karnaval in Februarie elke jaar lankal nie meer Uskor se hoofinkomstebbron is nie, bied dit aan duisende Maties wat nie direk by Uskor betrokke is nie, die geleentheid om - deur fondsinsameling - indirek tot Uskor se welsynsaksies by te dra. ■


Doktors- en eredoktorsgrade



Die Universiteit het in Desember aan drie van Suid-Afrika se voorste bewaringsbewuste eredoktorsgrade verleen. Dit was ook die eerste keer dat die US 'n egpaar gelukkig so vereer het. Die Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk (links), en die Kanselier, dr Jan van der Horst (regs), is hier by die laaste Desember-gradeplegtigheid saam met dié drie vereerdees, drs Grawie en Gwen Fagan (wat as egpaar vir hul bewaringswerk ten opsigte van die land se argitektoniese erfenis elkeen die graad Ph.D. honoris causa ontvang het) en dr Douglas Hey, wat 'n eredoktorsgraad in Natuurbewaring ontrou het vir sy pioniersrol in die ontwikkeling van natuur- en omgewingsbewaring in Kaapland asook vir sy landwye bevordering van openbare belangstelling in bewaring.



By die eerste gradeplegtigheid in Desember is 19 doktorsgrade in Natuurwetenskappe, Landbouwetenskappe, Regsgeleerdheid en Ingenieurswese toegeken. Die ontvangers was (VOOR) drs Johan Botha (Botanie), Karen Theron (Hortologie), Cheryl Venter (Nematologie), Pieter Siegfried (Geologie), Martin Taylor (Hortologie) en Jan Lombard (Landbou-economie). MIDDEL: drs Colin Prest (Pruvaatreg), Chris Aldrich (Ekstraktiewe Metallurgiese Ingenieurswese), Hein Botha (Sielkunde), Gerhard Nieuwoudt (Chemie), Dirk Brand (Soölogie), Louis Kuyler (Pruvaatreg) en Jan Svoboda (Ekstraktiewe Metallurgiese Ingenieurswese). AGTER: drs Hannes Louw (Chemiese Ingenieurswese), Gerhard Malan (Hortologie), Gerhard Bester (Akkerbou-Weiding), Gerhard Prinsloo en Leendert du Toit (albei in Elektroniese Ingenieurswese), en Jan de Kock (Elektriese Ingenieurswese).



Op die tweede gradeplegtigheid in Desember is slegs een doktorsgraad toegeken, (links) aan dr Pierre Goosen (Diakoniologie). Op die derde plegtigheid het slegs twee vroue (regs) grade ontrou: dr Judora Spangenberg (Sielkunde) en dr Anri Herbst (Muisiek).





Doktorsgrade in Opvoedkunde, Geneeskunde en Bosbou is op die vierde Desember-plegtigheid toegeken aan (VOOR) dr Willie Daniels (Chemiese Patologie), Barbara Huisamen (Geneeskundige Biochemie), Louise Warnich (Mensgenetika), Susan van Rensburg (Chemiese Patologie) en Anton Doubell (Geneeskundige Biochemie) asook (AGTER) drr Theo Smith (Historiese Opvoedkunde), Joban Coetzee (Anestesiologie), André Botha (Houtkunde), Horst Kassier (Boskunde), Jacques Cilliers (Dermatologie) en Chris Ackermann (Opvoedkundige Sielkunde).



Onder die 27 mense wat in Maart vanjaar hul doktorsgrade ontvang het, is (VOOR) drr Marise Heyns (Soölogie), Mariaan du Preez (Musiek), Bettie Marais (Botanie), Agnes Crafford (Biblioteek- en Inligtingkunde) en Cornelia de Kock (Afrikaanse Kultuurgeschiedenis). MIDDEL: drr Reinhard Uebel (Farmakologie), Paul Cilliers (Filosofie), Mike O'Callaghan (Botanie), Jacques van Rooyen (Fisiologie) en Abrie Venter (Chemies). AGTER: drr Les de Villiers (Geschiedenis), Bernard Janse (Mikrobiologie), Chris Kumpf (Politieke Wetenskap), Francois de Wet (Chemies) en Hendrik Theron (Rekenaarwetenskap).



Die ander doktorati wat in Maart hul grade verwor het, is VOOR: drr Carel Antonissen (Dogmatologie), Amori Strüwig (Bedryfsekonomie), Margaret Lightbody (Menslike Bewegingskunde), Augustine Wamala (Openbare en Ontwikkelingsbestuur) en Leon van Zyl (Ou Testament). MIDDEL: drr Alex Dreyer (Meganiese Ingenieurswese), Willem Fourie (Diakoniologie), Sarel Corrie (Ou Testament) en Jaco Hanekom (Nuwe Testament). AGTER: drr Chris van Wyk (Ou Testament), Robert Koch (Publiekreg) en Piet Laubscher (Fundamentele Opvoedkunde).



Kanseliersmedaljewenner

Mnr Johann Rohwer, wat in Desember as die beste US-student die gesogte Kanseliersmedalje verower het. Hy het in Maart verlede jaar met M.Sc. cum laude in Biochemie op Stellenbosch afgestudeer en is nou as doktorale student aan die Universiteit van Amsterdam verbonde. Mnr Rohwer het oor sy studiejare 'n gemiddelde 87,9 persent behaal - wai 'n ongeëwenaarde prestasie vir 'n student in die Departement Biochemie is. In al sy die vakke wat hy gedurende sy studie aan die US gevolg het, het hy onderskeidings behaal. Naas drie hoofvakke (Chemies, Biochemie en Wiskunde) vir sy B.Sc.-graad het hy ook in sy eerste M.Sc.-jaar Xhosa-spesiaal met onderskeiding geslaag. Hy kom van Hermannsburg in Natal.

Komende reünies

Nerina

Op 30 September gaan 'n reünie gehou word om Nerina se 25ste verjaardag te vier. Alle oud-Nerinas moet asseblief so gou as moontlik hulle besonderhede stuur aan die reünie-reelingskomitee, Huis Nerina, Claassenstraat, Stellenbosch, 7600. Meld u nooiens- en getroude van, adres en die aanvangsjaar waarin u in die koshuis was. Besonderhede oor die beoogde reünie sal dan aangestuur word.

OUD-MATIES SE ADRESSE

Die US wil graag met alle Oud-Maties in verbinding bly. As u (of u kinders, ander familie of enige ander Oud-Maties van wie u weet) nie Matieland kry nie, sal ons dit waardeer as u die vorm invul en stuur aan die Redakteur, Matieland, Universiteit, Privaatsak X5018, Stellenbosch, 7599.

As u twee of meer Matieland-eksemplare ontvang, sal dit waardeer word as u al die verskillende plakstrokies saam met hierdie voltooide vorm terugstuur.

Getroudes wat albei Oud-Maties is, moet asseblief die vrou se besonderhede ook apart byvoeg.

Titel en van:

Voornoem:

Studentenommer:

Geborendatum:

Nooiensvan:

Grade en/of diplomas aan die Universiteit van Stellenbosch verwef, met jaartalle:

My ou adres vir Matieland:

Matieland moet aan my nuwe werkadres/woonadres gestuur word. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.)

My nuwe werkadres:

My nuwe woonadres:

Telefoonnummers (werk en huis):

Monica

Monica, tweede oudste vrouekoshuis op die Matiekampus, beplan 'n reünie vroeg in 1996 (moontlik in die Paasvakansie) om die koshuis se 70ste verjaardag te vier. Dit sal die eerste reünie wees sedert Monica voorverlede jaar klaar gerestoureer en vernuwe is.

Oud-Monicaners word gevra om hul adresse te stuur aan die inwonende hoof (mev Marietjie Maré), Monica-koshuis, Neethlingstraat, Stellenbosch, 7600; tel 021-8082455. Ou foto's, persknipsels en ander argiefstukke van Monica word ook gesoek om die koshuis se argief uit te bou.

Versekerings-opleiding



Santam Beperk skenk elke jaar R15 000 aan die Departement Ondernemingsbestuur vir opleiding in korttermynversekering op nagraadslevlak. Hier oorhandig mnr Wessel van der Merwe (links) van Santam die tjak aan prof Piet du Plessis, departementeel voorsitter, en prof Erik Mostert, ook van dié departement.

Weense filosoof



Prof Fritz Wallner (links) van die Universiteit van Wenen met sy onlangse besoek aan die US by prof Walter Claassen, Viserektor (Akademies). Prof Wallner, 'n wetenskapsfilosoof, het onder meer die Departement Filosofie besoek. Hy het al in baie wêrelddele lesings aangebied. 'n Moontlike uitvloeisel van sy besoek aan Suid-Afrika is 'n konferensie oor "Applications of constructive realism" wat beoog word.

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende US-personeellede, Oud-Maties, Maties en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het.

Mev MG Andrag (gebore Rode) (86) van Bellville; HPOD met lof (1926).

Mnr Frans H Badenhorst (86) van Oranjezicht, Kaapstad; B.Sc. en LSOD (1929) asook M.Ed. met lof (1940); eerste hoofinspekteur en adjunkdirekteur van die destydse kleurlingonderwys-departement; het gedien in die Erica Theron-kommissie, UWK se raad en senaat, asook Gemeenskaplike Matrikulasieraad.

Mnr MC Bester (51) van Glenstantia, Pretoria; B.Comm., honneurs en M.Comm. (1963, '65, '80).

Mnr Gregory John Bryce (20) van Constantia, Kaapstad; 'n B.Comm.-finalejaarstudent en inwoner van Helshoogte-koshuis, wat in Februarie in 'n motorongeluk oorlede is.

Dr Sonja Helene Coetze (33) van Estevan, Saskatchewan, Kanada; M.B.Ch.B. (1984).

Mnr AS (Kokkie) de Kock (84) van Parow; B.A., S.O.D. (1929, '32).

Mnr JS du Plessis (94) van Pellissier, OVS; B.Sc., M.Sc. en HSOD (1924, '25, '26).

Mnr CR Eloff (78) van Durbanville; B.Comm. (1946).

Mej EM Groenewald (17) wie se ouers op Saldanha woon; 'n tweedejaar-Krygskundestudent, wat in November in 'n duikongeluk oorlede is.

Mnr TEJ (Theo) Hoffmann (53) van Bloemfontein; B.Sc., B.Ing. (1962); 'n siviele ingenieur en bourekenaar wat ook 'n dosent in boubestuur aan die UOVS was, en uitgebreide boerdery- en sakebelange gehad het.

Mnr Georg Kellerman (48) van George; B.A. en LL.B. (1967, '71), wat 'n prokureur op dié dorp was.

In Memoriam



Prof Koos Kemp

Prof JF (Koos) Kemp (65) van Stellenbosch; B.Sc., B.Ing. met lof (1950) asook M.Ing. en Ph.D. (1965, '68). Hy was van 1963 tot 1970 as professor en later ook hoof van die Departement Meganiese Ingenieurswese aan die US verbonde, en was ook vir twee jaar die dekaan van Ingenieurswese. In 1971 het hy visepresident van die WNNR geword en was later adjunkpresident tot sy aftrede vyf jaar gelede.

Mnr Johan Kooij (89) van Potchefstroom; B.Sc., M.Sc. en HSOD (1924, '26 en '26) behaal het, is laat verlede jaar in 'n motorongeluk oorlede, sowat 'n maand voor dat sy seun, **Mnr Johan Kooij** (64) op sy plaas in die distrik Potchefstroom in 'n roofaanval gedood is. Lg. het B.Sc., B.Ing. (1961) op Stellenbosch behaal.

Mnr DJ Lombard (81) van Pretoria; B.Sc. (1933) en M.Sc. met lof (1934).

Mnr JA Loubsar (62) van Benoni; B.Sc., B.Ing. (1954).

Mnr ACE Louw (44) van Bellville; B.Econ. (1974) wat in 'n motorongeluk oorlede is.

Mev MCS Marincowitz (gebore Du Toit) (59) van George; B.A. in Maatskaplike Werk (1943).

Dr JD (Hans) Mohr (78) van die Strand, wat bykans 40 jaar as dokter op Piketberg gepraktiseer het; het B.Sc. (1935) aan die US behaal.

van Mmabatho voor hy sowat 'n jaar gelede afgetree het.

Mnr Nicol Russouw (78) van Graafwater; B.A. en S.O.D. (1938, '39); was vanaf 1946 vir sowat 30 jaar aan Hoëskool Graafwater verbonde; as Matie was hy in 1938 die Intervarsity-pianis en het ook in oom Pietie le Roux se boerorkes gespeel.

Adv JJ Streicher (78) van Riversdal; BA, LL.B (1936, '38); 'n oud-Dagbreker; was tot 1947 in Pietersburg en Pretoria aan die destydse Departement van Justisie verbonde; het daarna tot sy aftrede in 1992 by Riversdal geboer en hom in die georganiseerde landbou ondersteek.


Ds Pieter FJ van Vuuren (39) van Trompsburg; voorheen van Hofmeyr; B.A., B.Th. en Lisensiaat in die Teologie met lof (1975, '77, '78).

Mnr HG van Zyl (84) van Goodwood; DOSK en LSOD (1929, '30).

Dr JK (Kritzinger) Venter (43) van Naboomspruit; B.Sc. in Bosbou (1973); is later in Pretoria as tandarts opgeleid; is in 'n motorongeluk oorlede.

Mej Adele Viljoen (23) van Oudtshoorn; B.Sc. in Huish. (1992).

Program vir ampsdraers



Die Kaapse Plaaslike Owerbede Werkersorganisasie (KPOW) het R30 000 aan die Skool vir Openbare Bestuur gegee om te help betaal vir 'n nuwe kursus waarmee plaaslike owerbede se ampsdraers vir die oorgangstyd tussen die ou en nuwe landsbedelings opgelei word. Die kursus is vir Kaapland ontwikkel. Mnr Carel du Plessis (links), direkteur van die KPOW, en raadslid John Truter het die tyk aan prof Erwin Schuella, hoof van die Skool en voorsitter van die Departement Openbare en Ontwikkelingsbestuur, oorhandig.

Daardie eerstejaarsgevoel!

Genade, moor die dorp kan stil raak wanneer die studente hul koers huis toe kry. Selfs nie die sogenoemde hordes vakansiegongers kan hul plek inneem nie.

Maar toe ek gister weer met my rooi bergfiets van my mooi huisie in Lieberheim dorp se kant toe trap, toe voel ek so aan my kiewe dat die eerste studente binnekort hul opwagting gaan maak.

Dis tog dié tyd van die jaar: druiwe word na die parskelders aangery, die Transvaalse besoekers is weer vort en die somer se warmste dae kom lê so half slap oor die berge rondom Stellenbosch.

Vir honderde studente is die volgende weke 'n vrolike weersiens. Maar vir die eerstejaars is die dae voren-toe vol onsekerheid, benoudheid en verlange.

Toek ek mmm-mmm jaar gelede op Stellenbosch aangekom het, was dit in Pa se blinkswart Plymouth, 'n 19-voertsek model. Die kar was Pa se vriend, kind, beminde. Sy is gereeld gepoleer en elke dag is die geringste kolletjie met 'n seemsleer-lappie weggevryf.

Ons het van die Vrystaat af gery, meer as 'n dag lank, om die gesin se laatlammertjie persoonlik aan die Universiteit van Stellenbosch te oorhandig. Ma het van Leeu-Gamka af aanhoudend gesnuif en tranen weggepikk.

Ons het maar langland geëet aan die inhoud van die kosmandjie wat vooraf met soveel sorg ingepak is; hoender, frikadelle, kaas- en tamatiedbroodjies, hardgekookte eiers en flesse stommende koffie.

Ma het hardop gewonder of

haar jongste bloedjie in die koshuis genoeg kos sou kry, of die kind ooit haar rigting sou kry tussen al die geboue wat in die brosjure aangedui is, of dit veilig is vir 'n jong meisie om alleen op straat te wees in die dorp onder die eike.

Pa het gesnork en gesê hy betaal duur en as die meisiekind nie hard

Ons het voor Harmonie stilgehoud en by die voordeur is ons warm ontvang deur die huismoeder en primaria van die koshuis. Ma en Pa is saam op na die kamer net langs die trap op die eerste vloer. Nogal naby die telefoon, het Ma opgemerk.

Marié, 'n vreemde gesig in 'n vreemde plek, het verwese in die

hou, die ongemak tussen twee vreemdelinge rookgesien en keel skoongemaak. "Toe, gaan was die stof van jou lyf af. Ons kom haal albei van julle oor 'n uur en dan soek ons 'n eetplek op die dorp."

'n Uur later het Marié en ek voor Harmonie sehek gestaan. Pa kon sien dat die ongemak verdwyn het en 'n gemoedelikheid tussen ons begin toeneem het.

Soos met ons vriendskap het die vreemdheid van die Eikestad gou verander in meelewendheid, warmte, geluk. Soms het ons harde bene gekou, onder tye het ons vreugde geen grense geken nie.

Met my terugkeer na Stellenbosch na soveel jare, was daar ook aanvanklik 'n vreemdheid. Die dorp het immers verander en ek was heelwat ouer.

Maar hier in Lieberheim, waar ek huis gekoop het, het die vreemdheid ook gou by die venster uit gewaai. My droomhuis het ek gevind in die dorp waar ek eens die man van my drome ook raakgeloop het.

Die uitbreiding teen Paradyskloof is 'n hanetree van die dorp se gewoel af en tog so rustig soos 'n afgelêe paradyss. Om die draai is die gholfbaan en van my stoep kan ek oor die vlaktes tuur tot by ou Tafelberg.

Wanneer ek met my fiets deur die dorp ry, is my gedagtes by al vanjaar se nuwelinge. En hoop dat hul jare hier so gelukkig soos myne sal wees.

Joan van Niekerk

MA HET VIR
JOU IETSIE
IN JOU PAJAMA-
SAKKIE GESIT...
SNIK...



leer nie, kan sy maar by Rabinowitz se winkel op die dorp gaan werk.

Ek was hoofsaaklik bekommern oor my tasse met hul Vrystaatse rokkies... sou hulle teen die stadsmeisies se uitrustings afsteek? Een koffer was darem gepak met uit-skop-onderrokke, wat toe net op ons dorp opslae begin maak het.

kamer voor die venster gesit. Sy sou my kamermaat wees, nie net vir die eerste jaar nie, maar vir die vier jaar wat ons saam studente was.

Haar ma het haar die vorige dag kom aflaai, maar moes onmiddellik weer terug Port Elizabeth toe vir 'n kongres of 'n ding.


Pa het ons so onderlangs dopge-

LIEBERHEIM

Paradyskloof
STELLENBOSCH

BELÊ IN U EIE DEELTJIE VAN STELLENBOSCH EN GENIET ALGEHELE SEKURITEIT, 'N IDILLIESE OMGEWING EN 'N UITSIG OOR DIE MAJESTIEUSE JONKERSHOEKBERGE!

RUIM • VEILIG • SKILDERAGTIG



- Hoofslaapkamer met badkamer en aantrekkamer en-suite.
- 2de en 3de slaapkamers met volledige badkamer.
- Motorhuis en motorafdak.
- Ommuurde privaattuin.
- Afsonderlike patio's vanaf slaap-, sit- en eetkamer.
- Noord-aansig.
- Slegs een elektroniese beheerde toegang tot Lieberheim.
- Toesluit en ry lewenstyl.


Lieberheim is 'n laedigtheid-ontwikkeling wat uit 43 vrystaande wonings bestaan, elk met afsonderlike titel, rustige privaatheid, manifieke uitsigte oor die asemrowende Jonkershoekberge, sonnige noord-aansig kamers en – die beste van alles – werklik goeie sekuriteit.



Sekuriteit is van uiterste belang by Lieberheim. Die hele projek is omring deur 'n veiligheidsmuur en toegang word beperk tot 'n enkele elektronies beheerde hek wat deur middel van 'n kabelfoon met elke woning in die projek verbind is. Slegs inwoners binne die projek kan die hekmeganisme aktiveer. Bo en behalwe die beplande veiligheidsmaatreëls, kan inwoners hulle ook berus in die wete dat vriendelike bure daar is wanneer hulle hulle nodig het.

Die Lieberheim-skouhuis is 7 dae van die week oop:

Maan. – Don. 14h00–17h00, Vry. – Son. 14h00–17h00. Neem die R44 vanaf Stellenbosch na Somerset-Wes, draai oorkant die gholfbaan links in Paradyskloofweg en draai daarna by die tweede pad, Floridaweg, regs. Lieberheim is aan die einde van Floridaweg.



Tree in verbanding met ons by die skouhuis (021) 880-1705 gedurende skou-ure of Susan Saaiman (021) 96-7222 of Wendy Ogiela (021) 880-1042.

Ons bied u daardie..... *tikkie styl*



..... en lewenskwaliteit

Die ontwikkelaars bied u nou 'n unieke geleentheid om in De Oewer, een van Stellenbosch se nuutste projekte op die oewer van die Eersterivier, te belê. Die totale groepbehuising behels slegs 23 enkel- en 'n paar dubbelverdieping huise en woonstelle. Pryse wissel tussen R220 000 en R380 000. 'n Uitstekende belegging, veral as in ag geneem word dat erwe in hierdie gesogte woonbuurt jou tot R150 000 en meer uit die sak uit kan jaag! Die eerste fase is reeds uitverkoop en die tweede fase is nou te koop.

'n Paar uistaande kenmerke van hierdie ontwikkeling is sekerlik die gunstige ligging, die natuurskoon van die omliggende berge en wingerde en die ontwerp met die klem op detail en persoonlike veiligheid.

Gerief is die wagwoord met 'n nuwe moderne winkelsentrum naby en kantoorkompleks wat aan die ontwikkeling

grens. Die Medi Clinic en verskeie bekende laer- en hoërskole is binne loopafstand. Die Strand, kusdorpie bekend vir sy mooi strande, is net 15 minute vanaf Stellenbosch - en vir die gholfentoesias, is Stellenbosch se gevierrede 18-putjie gholfbaan minder as 2km vâr!

Stellenbosch is nie net internasional bekend vir sy Wynroete, universiteit, rugby, geskiedenis en kultuur nie, maar vir sy lewenskwaliteit. Dit lok beleggers wêreldwyd om deel te hê in dit wat die dorp te bied het.

Die ontwikkeling word ten volle ondersteun en onderskryf deur Die Perm en die Kaap die Goeie Hoop Bank. Vir verdere besonderhede kan enige Stellenbosse eiendomsagentskap gekontak word, of skakel Chantal by tel. (021) 8872486 of faks. (021) 8839540.

Nog 'n suksesvolle onderneming deur Welbelê (Edms) Bpk



STELLENBOSCH